

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

Suid-Afrika/South Africa

JOHN MILTON, *The Edges of War — a history of frontier wars (1702—1878)*, Juta, Cape Town (etc.), 1983, xvii + 304 pp., bibl., index, maps, illus.

Die skrywer, tans hoogleraar in die Fakulteit van Regte aan die Universiteit van Natal, laat geen onduidelikheid oor sy oogmerke met hierdie boek nie: dit moet aan die algemene leser "an evocative portrait of the frontier wars and the drama of the peoples, places, personalities and policies involved" aanbied. Sy aanspraak oor die aard van die werk is ook heel beskeie deurdat dit "does not pretend to be a complex or definitive history of those times". In die inleiding tot sy verwysings herhaal hy die feit dat die boek nie voorgee om 'n akademiese studie te wil wees nie.

Wat die leser dus aangebied word, is 'n chronologiese oorsig van die botsing tussen Witman en Swartman in die aangeduide tydperk. Die teks is in vier afdelings met altesaam 26 hoofstukke georganiseer. In die eerste, "Struggle for the Zuurveld", word die verhaal letterlik vanaf die Portugese omseiling van die Kaap tot met die slag van Grahamstad in 1819 gevoer. Die tweede deel, "The neutral territory", behandel dan die gebeure tot met die ontruiming van die Provinsie van Koningin Adelaide aan die einde van die grensbotsing van 1835—36. In deel drie, "Kaffraria", word die verhaal tot aan die einde van die Swartman se bewind voortgesit en die laaste afdeling, "The last frontier", behandel die sestiger- en sewentigerjare wat op die laaste grensoorlog van 1878 uitloop.

Uit die aard van die werk sal dit vir die ingewyde navorser op hierdie terrein sekerlik weinig nuuts bied. In die tradisie van goeie amateur-geskiedskrywing word daar egter vir die algemene leser en die beginnerstudent in een enkele oorsig 'n magdom feite oor hierdie veelbesproke en omstrede tema aangebied. Met baie goeie taalgewoentheid verstrek die skrywer besonderhede oor haas elke skermutseling en militêre veldslag, telkens teen die bepaalde geografiese agtergrond geplaas. Begrypklarerwyse is die fokus op die dramatiese, bewegelike momente as Witman en Swartman mekaar fisiek konfronteer en te lyf gaan. Dit is dan ook in hierdie gedeeltes dat die skrywer 'n besondere vermoë vir die beskrywende woord openbaar.

Die teks berus uitsluitlik op sekondêre werke asook gepubliseerde bronnemateriaal. In die "Notes on Sources" word die bronne vir elke hoofstuk aangedui en in die "List of Works Cited" word dit dan weer bibliografies saamgevat. Hieruit is dit duidelik dat die skrywer inderdaad die bestaande literatuur omvattend geraadpleeg het.

Die benadering van die skrywer word reeds op die stofomslag eksplisiet aangedui. Uit hierdie stryd het die houding en beleidsrigting voortgevoel "whose ugly offspring would be the policy of apartheid ..." Ook in die slotparagraaf (p 282) kom hierdie enigszins eensydige simpatie met die Swartman se "long years of struggle and bloodshed" na vore. Die beloning vir laasgenoemde was die Transkei en Ciskei, "impoverished, impecunious, tiny and overcrowded ... cynically declared sovereign and self-governing independent estates."

A APPEL

Universiteit van Port Elizabeth

D J VAN VUUREN, D J KRIEK, *Political alternatives for Southern Africa: Principles and perspectives*, Butterworths, Durban/Pretoria, 1983, 639 pp., index.

In December 1980 a Political Science Research Unit was established officially by the Human Sciences Research Council under the leadership of D J van Vuuren. Advised by a distinguished committee of political constitutional experts, this Section has set about contributing to the lively debate on constitutional alternatives in South Africa. This voluminous work is a welcome addition to that debate.

The aim of the work, according to the editors, was to review the present state of the debate in South Africa and to stimulate it further. The reader would be informed of the relevant ideologies, forms of state, authority, government and government institutions, as well as the political schools of thought in Southern and South Africa. In this regard, the subject matter is particularly wide-ranging and includes such topics as capitalism, conservatism, socialism, communism, nationalism and other ideologies, federal and other forms of government, economic relations among Southern African states, the judiciary and constitutional change, the role of the press in the political process and the need and criteria for a new constitutional dispensation. Significantly, a number of the contributors have already played important roles in the Government's new constitutional dispensation or its reconceptualisation of separate development such as J A Lombard, G Leistner, P Smit, N J Rhodie and A R C de Crespigny. On the other hand, the contributors include a

number of strong critics of Government policy, including D Welsh, J Dugard, W H Thomas and L Schlemmer. This makes for a well-balanced and objective work. Still, it is strange that of the 34 contributors, only one (M Mabude) is an African. Was it quite impossible to find or attract suitable African writers, or has it been already decided that African political aspirations should be played out in the homelands and that they should no longer be regarded as South Africans?

This defect notwithstanding, the work has much to commend it — well-written chapters, a broad range of views and topicality. As such it will be of value to students of political science and contemporary South African history.

D M SCHER
University of South Africa

KEN SMITH, *Alfred Aylward, the tireless Agitator*, Johannesburg 1983, Prys onvermeld.

Die skrywer is senior lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy Magisterdissertasie het oor die oorloë teen die Bapedi van Sekoekoeni gehandel en sy Doktorale proefskrif oor die Graaff-Reinetse distrik, 1786—1910, wat beide gepubliseer is. Hy is 'n kenner van die Transvaalse geskiedenis waarin die held van sy boek, *Alfred Aylward* (1843—1889), 'n belangrike rol gespeel het. Hy was 'n Ier wat aan die Fenian-beweging behoort en was dus sterk anti-Engelsgesind. Sy omswerwing het hom teen die einde van 1868 in Suid-Afrika laat beland, eers op die Diamantvelde en toe in Transvaal, waar hy een van die beste boeke van sy tyd geskryf het, nl *The Transvaal of Today* (1881), wat ons 'n beeld van die lewe van die Boere en hulle probleme, veral met die Britte, verstrek. Ons het weinig pro-Boereboeke uit die Anneksasietydperk. Aylward, die Ier, en 'n anti-Britse agitator, het in dié behoefte voorsien.

Ken Smith het moeite gedoen om alle moontlike inligting oor Aylward te versamel en 'n samehangende beeld van sy rustelose lewe aan te bied. Die historiese belangrike deel van sy lewe het hy in Suid-Afrika geslyt. In 'n stadium was hy redakteur van die *Natal Witness* waarin hy so 'n sterk pro-Boerhouding ingeneem het, dat hy ontslag gekry het. Die skrywer stel Aylward aan ons voor as die "tireless agitator", nadat hy sy lewe in Ierland en sy koms na Suid-Afrika behandel het. Hy het dit oor die "Black Flag Rebellion" op die Diamantvelde, en laat ons Aylward daarna in die Lydenburgse vrywilligerskorps sien. Soos Ierland is Transvaal as die sweer in die sy van Brittanje voorgestel — die Suid-Afrikaanse "Ierland" waarin die Boere hulle soos die Iere teen Britse oorheersing verset het. Smith skets Aylward se rol in die Transvaalse geskiedenis en behandel dan sy laaste jare in hierdie land, voordat hy in 1882 via Engeland na Amerika vertrek, waar hy in 1889 oorlede is.

Hierdie boek word sterk aanbeveel vir diégene wat in die Transvaalse geskiedenis belangstel. Dié pioniersland het heelwat avonturiers gelok, nie net uit Brittanje nie, maar ook uit Nederland en die Kaapkolonie. Die Boere was 'n onderontwikkelde samelewing wat deur ontwikkelde besoekers en inwoners aan die wêreld bekendgestel is. Deur hulle geskrifte is hierdie agterlike Boereland op die internasionale kaart gehelp plaas. Ken Smith het hom met hierdie boek as 'n bewame, betroubare en objektiewe historikus geopenbaar, van wie nog veel verwag kan word.

F A VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

J M GORIS, *België en de Boerenrepublieken, Belgies-Zuid-Afrikaanse betrekkingen (ca 1835—1895)*, Kempsche Boekhandel-Retie, Herentals, 1983, 620 pp, prys onvermeld.

Dr Goris is geskiedenisonderwyser in Herentals maar ook stadsargivaris. In 1969 het hy 'n pragboek van 400 pp oor dié Belgiese stad uitgebring, nl *Herentals, bijdrage tot de aloude geschiedenis van de stad*, wat aan hom bekendheid as 'n betroubare historikus met 'n goeie skryfstyl gegee het. Ook het hy 'n brosjure oor die name van strate in o a Antwerpen uitgebring, wat na Boeregeneraals gedurende die Anglo-Boereoorlog vernoem is in 'n tyd waarin Vlaandere sterk pro-Boer was. Hy het dus 'n wye kultuurhistoriese belangstelling en 'n gevoel vir interdisiplinêre samewerking so kenmerkend van die moderne geskiedskrywing.

Sy belangstelling in die Vlaamse beweging en dié se pro-Boerhouding het Goris in 1973 daartoe gelei om België en die Anglo-Boereoorlog tot studietema vir 'n Doktorale dissertasie te kies wat o.l.v. prof dr R de Schryver gestaan het. Dié tema het hom spoedig laat besef dat 'n agtergrond ontbreek en daarom is hy na die bronne om die vroegste Belgiese kontak met Suid-Afrika na te speur wat teen omstreeks 1835 begin. Die omvang van die tema het hom genoop om die eindpunt van Belgies-Suid-Afrikaanse betrekkinge as 1895 te neem, wat reeds meer as 600 gedrukte bladsye geveer het, en om sy oorspronklike tema dan as dié

tweede band van bogenoemde tema te voltooi. Hy het op die eerste band gedoktoreer en 'n manjefieke stuk werk gelewer wat vir ander historici as voorbeeld kan dien. Dit is 'n wetenskaplik stewig gefundeerde dissertasie wat op besonder wye navorsing berus. Die skrywer het geen steen onaangeroer geraak om so veul as moontlik van sy tema te wete te kom nie. Die resultaat van sy navorsing is 'n voorbeeld van goeie sintese en swierige taal en styl deurspek met humor hier en daar. Hy het krities teenoor sy materiaal gestaan sonder dat hy in vooroordeel verval het, wat so kenmerkend van die dekolonisasie-geskiedskrywing is. 'n Hoë mate van historiese objektiwiteit is bereik.

Dit is nogal 'n probleem om vandag oor Suid-Afrika te skrywe sonder om tot depresiasie van ons Westerse kultuurbesit oor te gaan. In die oë van vele na-oorlogse skrywers, veral joernalistieke of Afrikanistiese propagandiste, is Suid-Afrika *anathema*. Om dus 'n tema te kies waarin dié land op 'n positiewe wyse verskyn was nogal gewaagd, maar dit gaan nie om Suid-Afrika alleen nie, dit gaan ook om België, nl die betrekkinge tussen die twee lande oor 'n tydperk van 60 jaar, waarvan nóg Vlaminge, nóg Afrikaners veel geweet het. Dit het jarelank 'n onbekende veld van ondersoek gebly, waarin weinig voorstudies geskryf is. Dit het die tema des te moeiliker gemaak. Dr Goris het hom deeglik vergewis van die gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en, in besonder dié van die twee Boererepublieke wie se Afrikanerbewoners as helde in die oë van Vlaamse taal- en kultuurgenote verskyn het, veral in tye van krisis. Ons lees nie net van diplomate nie, maar ook van gewone mense: Vlaamse sendelinge wat in hulle eie taal met Afrikaners kon kommunikeer e.a. immigrante, hoewel Belgiese immigrasie nooit op groot skaal na Suid-Afrika plaasgevind het nie. Daar word na volkskunde, antropologie, ekonomie, sosiale en staatkundige geskiedenis verwys wat sy tema verbreed en interessant maak en hoë eise aan sintese gestel het. België was een van die eerste Westerse land wat die Z A Republiek in 1869 as staat erken het en sedertdien was daar amptelike betrekkinge.

Die boek behandel die aandeel van die Suid-Nederlande by die kolonisasie van die Kaap waarin o.a. die reaksie op die Groot Trek in België en Nederland geskets word, en op die belangstelling in die Boererepublieke gewys word. Aandag word aan H A L Hamelberg gegee wat die konsulêre betrekkinge met België op gang gebring het. Ons sien ook die rol van Vlaamse sendelinge en die beeld wat hulle van die bewoners van Suid-Afrika in België bekend gestel het. Vanaf 1875 het simpatie vir die Boere 'n konstante in die Vlaamse Beweging geword; ook het dit wortel geskiet in die Nederlandse taal- en letterkundige kongresse, waaruit die eerste geskifte en toesprake oor Suid-Afrika in Vlaams-België spruit. Pres. T F Burgers het die Z A Republiek met die hoë geselskap van koning Leopold II in aanraking gebring en oor Belgies-Transvaalse samewerking gesels, terwyl die Koning Transvaal graag in sy ekonomies-ekspansiewe politiek sou wou betrek het: in 1877 het hy selfs 'n geheime reddingsplan vir die behoud van die Transvaalse onafhanklikheid in die aangesig van Britse bedreiging gekoester. Sowel die anneksasie as Eerste Vryheidsoorlog het reaksie in Vlaams-België uitgelok wat na 'n eerste Boerebeweging gelei het. In 1884 is nouere bande gesmee tydens die besoek van die Derde Boeredeputasie aan Antwerpen en Brussel. Dié besoek het tot Boerenaamgewing in Vlaandere gelei en toenemende belangstelling in die Afrikaners ten gevolg gehad.

Die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde het belangstelling in België gewek met die gevolglike aanknopning van handelsbetrekkinge. Daar was hoop op beleggings aldaar, gevolg deur geringe emigrasie. Interessant is die mislukte poging van die *Société Générale* om gedurende 1886-92 spoorweë in Transvaal en in 1887-96 in die Vrystaat aan te lê. Deur die nuwe status van die Z A Republiek het die diplomatieke betrekkinge tussen België en die Boererepublieke verstewig; ook het die romantiese Boeresimpatie van die Vlaminge toegeneem. Daar was huldebetoning aan Transvalers, o.a. Piet Joubert, wat in 1890 daar op besoek was. 'n Mens sien uit na die tweede band van die werk wat veel meer dramaties as die eerste gaan wees.

Dr Goris toon goeie begrip van Suid-Afrika en het in 'n wêreld van Swart helde en Afrikanerkritiek (so anders as in 1899-1902) op rustige wyse, onbeïnvloed deur hedendaagse propagandistiese anti-Boerevoorstellings, homself as 'n historikus van formaat betoon, soos dit die wetenskaplike betaam. Kontrasteer 'n boek van 620 pp van Steven Debroy, 'n landgenoot van Goris, nl *Zuid-Afrika naar de bronnen van de Apartheid* (De Vroente, Kasterlee 1982), en ons merk die anti-blanke en propagandistiese pro-swart houding van die joernalis, wat hom nie aan die eise en beginsels van die geskiedwetenskap hou nie. Wat 'n kontras.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

CHRISTOPH SONNTAG, *My friend Maleboch, Chief of the Blue Mountains*, Pretoria 1982.

Die skrywer van hierdie dagboek is in 1919 oorlede. Sy seun, Konrad Sonntag, het uit eerbied en liefde vir sy vroeg gestorwe vader én om die historiese belangrikheid van die dagboek, die oorspronklike Duitse teks in

Engels vertaal en op sy koste laat uitgee. Hy was dosent in Engels aan die Pretoriase Onderwyskollege en is self reeds bejaard. Suid-Afrika is dank aan hom verskuldig vanweë 'n besonder belangrike historiese dokument wat nou vir wye kringe toeganklik gemaak is. Hy het 'n diens aan die wetenskap van die geskiedenis gelewer. Sonder hierdie dagboek sou ons kennis van wit-swart verhoudinge armer gewees het. Dit is 'n tragedie dat oorloë teen swartmense gewoonlik uit 'n blanke standpunt verklaar word asof die swartes nie 'n reg gehad het nie, en slegs maar voor die "beskawing" moes swig. Die oorlog teen Malaboch (1894) herinner aan die oorlog teen "Mapoch" (1894), wat eintlik teen Nyabela van die Ndzundzastam gevoer is.

Met die inbeweeg van Boere in die binneland ná die Difaqane en die Groot Trek, het hulle reste van swart volke aangetref wat swart aanslae oorleef het, veral teen Mzilikazi. Potgieter het in 1848 beweer dat hy met 27 stamme (o a ook Mapog) "vredes"-traktate gesluit het ná die oorwinning oor die Ndebele (*Voortrekkerargiefstukke*, p 318). Die Boere-uitbreiding en grondbesetting het die swart stamme van alle kante omring en hulle lewensbestaan deur gebrek aan grond haas onmoontlik gemaak, waaruit militêre botsings voortgekom het. Die Boere se standpunt was dat die swart stamme wat tradisioneel geleef het, onderdane van die ZAR was, en dus belastingpligtig. Sommige het dit ontken en geweier om te betaal. Die situasie is gekompliseer deur die Britse bestuur oor Transvaal, 1877 – 81, wat die stamme verwar, en Boer en Brit teen mekaar laat afspeel het.

Die onderwerpingsoorloë is tot dusver uit blanke dokumente gerekonstrueer. Christoph Sonntag gee ons egter iets anders te sien: hy was die vertroueling van Malaboch, en het sy swart siel wat uit Afrika kom, begryp in teëstelling met die Boere wat hoegenaamd geen begrip van hulle swart "onderdane" gehad het nie, en die verhoudinge deur mag, dit is, militêre geweld, besleg het. Dit is wat Sonntag se dagboek as historiese bron so belangrik maak: Daaruit kom die ware "swart Afrika" te voorskyn. Hy verklaar Malaboch se houding sielkundig sodat ons ook sy standpunt kan begryp. Die onderwerping van en straf vir swart volke was 19de eeuse tragedies in wit-swart verhoudinge. Die probleme van toe is vandag nog ons probleme: wanbegrip van die swartmens, veral van die stedelike swarte van vandag.

Sonntag gee ons ook insae in die Boerehouding en wyse van oorlogvoering. Soos in die oorlog teen Mapog was hulle vanweë hulle geringe getalle te versigtig om regstreeks aan te val: hulle wou nie doodgeskiet word nie, vandaar loopgrawe, forte en uithongering van die stamme. Nög Nyabela (1883) nög Malaboch van die Bahananoa is militêr verslaan: hulle is beleër en het as gevolg van uithongering oorgegee. Oor die militêre metodes van die Boere teen swartes moet nog geskryf word. Dit is hierdie swakhede wat hulleself tydens die Anglo-Boereoorlog herhaal het.

Konrad Sonntag het opskrifte in sy vader se dagboek aangebring wat dit as drama laat voorkom, vandaar die eerste toneel, die proloog en die tweede wat tot die oorlog aanleiding gegee het. Daarin verskyn Barend Vorster as onbevoeg om as "Naturelle-kommissaris" te dien. Hy het die verhoudinge tussen swart en wit beduiwel. Die derde toneel laat ons die oorlog sien waarin "die Boere" in 'n stadium lelik gevlug het. Daarna volg die epiloog, die vierde toneel, gevolg deur die vyfde: die bittere gevolge. Die dagboek lees in der waarheid soos 'n drama. Ons kry 'n beeld van die interne ontwikkelinge te sien; die eksterne gebeure het internasionale repurkussies gehad, om aan lord Loch en die kommandering van Britse onderdane te dink, waarvoor Sonntag nie rapporteer nie.

Vanweë die belangrikheid van Christoph Sonntag se waarnemings en sy begrip as sendeling wat die swartmense geken het, word die boek ten sterkste vir studie aanbeveel. Wie die "Malaboch-oorlog" van 1894 wil verstaan, behoort hierdie dagboek te lees. Sy seun, Konrad, het ons kennis van 'n aspek van die ZAR verrek en ons insae gegee in die mentaliteit van sowel die "natuurlike" swartmense as die onderontwikkelde Boeremense.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

J D KESTELL en D E VAN VELDEN, *Die vredesonderhandelinge tussen die Regerings van die Suid-Afrikaanse Republieke en die Verteenwoordigers van die Britse Regering wat uitloop het op die Vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is*, Afrikaanse vertaling deur F J le Roux in oorlog met D J van Zyl, Human en Rousseau, Kaapstad, ens, 1982, 178 pp, portrette en faksimilees, R13,50.

Hierdie publikasie is die Afrikaanse vertaling van die oorspronklike Nederlandse werk wat in 1909 deur J H de Bussy uitgegee is. Die skrywers, wat as sekretarisse van die twee Boererepublieke by die vredesonderhandelinge opgetree, en gevolglik die amptelike notule gehou het, kan deur die publikasie die omstandighede wat die Boere laat besluit het om vrede te sluit, openbaar. Die standpunte van die onderskeie Boere-afgevaardigdes word ook bekend gemaak.

In die oorspronklike publikasie is die amptelike stukke van Engelse oorsprong, byvoorbeeld briewe, telegamme, formele voorstelle en besluite, in Nederlands vertaal met die oorspronklike, Engelse weergawe

in die voetnotas. Gedurende 1912 het daar 'n uitsluitlik Engelse vertaling verskyn. 'n Verbetering in die Engelse vertaling was dat die Middelburgvoorstelle van die Britse regering, wat in die Nederlandse uitgawe aan die einde van die voorlaaste hoofstuk geplaas is, as 'n bylae verskyn. Daarbenewens is enkele faksimilees by die vertaling gevoeg.

Die nuutste, Afrikaanse vertaling het die verbeteringe soos in die Engelse uitgawe van 1912 opgeneem, met die uitsondering van die weglating van enkele faksimilees, wat nie werklik afbreuk doen aan die vertaling nie. 'n Moderner opset word gevolg deurdat die amptelike stukke in die oorspronklike taal gegee word, terwyl die teks in Afrikaans is.

Aangesien die oorspronklike werk so lank gelede gepubliseer is, en daar steeds 'n behoefte aan die inhoud is, is daar wyslik besluit dat 'n Afrikaanse vertaling die werk vlotter en met groter duidelikheid sal laat lees. Terselfdertyd kon die redaksionele verbeteringe van die Engelse vertaling opgeneem word.

Daar is deurgaans redelik letterlik vertaal met die gevolg dat sekere uitdrukkinge vreemd op moderne ore val. Nogtans bring dit die leser nader aan die tydsees, aangesien die werk daardeur aan oorspronklikheid wen. 'n Enkele hinderlikheid wat opval, is dat die sekretarisse oorspronklik die verslae van die Boerevertegenwoordigers redelik woordeliks opgeteken het, gevolglik kom daar heelwat herhaling voor wat afbreuk doen aan die seggingskrag van die inhoud.

Vir die leser word hier in die vrymoedige openbaarmaking van die standpunte van verskeie van die Boerevolk se grootste leiers, dít nader aan die persoon gebring, wat moontlik deur latere gebeure en deur die vertolking van kommentators mettertyd vervaag het. Die persoonlikhede van Jan Smuts, Louis Botha, Christiaan de Wet, Schalk Burger, Barry Hertzog en andere staan dan ook sterk geteken in die lig van hul mededeling. 'n Atmosfeer van onsekerheid en vertwyfeling straal veral duidelik uit die woorde van afgevaardigdes wat van plan was om die oorlog voort te sit, maar met die werklikheid uit ander streke gekonfronteer is.

'n Belangrike wysiging van die Britse voorwaardes deur generaal Smuts, in sy eie handskrif, oor die moontlikheid van die toekenning van die stemreg aan Swartes, word in een van die faksimilees tussen bladsye 112 en 113 opgeneem. Met die oog op die huidige oorheersende rol van rasseverhoudinge in Suid-Afrika is dit sekerlik een van die belangrikste wysiginge wat deur die Britse regering aanvaar is. Dit het trouens beslis wie oor die stemregkwessie vir Swartes sou besluit.

Die boek kan as 'n gedrukte bron beskou word en sal as sulks steeds van belang bly.

T C RAUTENBACH
Universiteit van Port Elizabeth

WILHELM GRÜTTER in oorleg met prof. D. VAN ZYL, *Die Verhaal van Suid-Afrika*, Human Rousseau, Kaapstad 1982, 64 pp, indeks, R9,50.

Hierdie "Kennis"-boek, wat ryklik met kleurafdrukke van historiese skilderye, sketse, foto's en kaarte geïllustreer is, sal veral tot die jeug spreek. Dit is Wilhelm Grutter, 'n oud-joernalis en vryskutskrywer van beroep, se tweede boek van geskiedkundige aard. Hy het, met die doel om die wetenskaplike geloofwaardigheid van hierdie publikasie te verhoog, dit wys geag om met die bekende Stellenbosche historikus, prof. D J van Zyl, oorleg te pleeg. Die resultaat is 'n prysenswaardige samevatting van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat op leesbare en aantreklike wyse aan die publiek gebied word.

Dat daar 'n behoefte aan 'n publikasie soos *Die Verhaal van Suid-Afrika* bestaan het, is onbetwyfelbaar. Daar is in die Afrikaanse taal tot op hede nog net een so 'n ryklik geïllustreerde en oorsigtelike geskiedenis van hierdie land gepubliseer, naamlik W J de Kock se *Geskiedenis van Suid-Afrika* wat in 1971 deur die Departement van Inligting versprei is. Daardie boekie het naastenby dieselfde omvang as die publikasie hier ter sprake. Die illustrasies in die respektiewelike boeke vul mekaar mooi aan. De Kock se boekie is egter lank reeds onverkrygbaar, en daarby is dit uit 'n relatief Afrikaaner-sentriese standpunt geskryf, terwyl Grutter 'n breër benadering, naamlik die geskiedenis van al die inwoners van Suid-Afrika, volg.

Die Verhaal van Suid-Afrika sal nie vir historici as naslaanwerk deug nie, en dit was sekerlik nie die skrywer se doel daarmee nie. Vir die skolier of onderwyser sal dit eger 'n waardevolle bron wees en so ook vir die algemene leser, want dit laat die geskiedenis "leef". Dit sal boonop as geskenk deug en uitstekend as boekprys kan dien.

JACKIE GROBLER
versiteit van Pretoria

S F MALAN, *Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, Durban - Pretoria, 1982.

Butterworth het sterk op die voorgrond getree as uitgewer nie net van regsboeke nie, maar ook van akademiese werke van 'n hoë gehalte, wat tipografies, taalkundig en wat setwerk betref, puik versorg word. Die doktorale proefskrif van dr Malan, mede-professor in die Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, is voorbeeldig uitgegee. Hy staan bekend vir noukeurige navorsing waarvan hierdie dissertasie 'n voorbeeld is. Die tema wat hy behandel is belangrik. Van Afrikanerkant is maar nog weinig aandag aan Afrikanernaionalisme gegee. Prof M C E van Schoor het dit vir die Vrystaat tot 1854 ontleed, terwyl S F Malan dit vanaf dié datum tot 1899 voortsit. Wat nog ontbreek, is 'n soortgelyke werk vir Transvaal van 1881 tot 1899.

Die skrywer begin by die grondslae van die Vrystaat en wys daarop hoe 'n Vrystaatse patriotisme in die tyd van pres Brand as reaksie op die anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde ingetree het en dat op kulturele gebied nasionale strominge aan die orde van die dag was. Hierdie strominge word goed deur hom uitgebring as reaksie op Carnarvon se federasiebeleid wat op die Transvaalse anneksasie uitgeloop het in 'n poging om die Vrystaat deur isolasie daarin te dwing. Tydens die oorlog het die Vrystaatse bloed deur simpatie en daadwerklike hulp aan Transvaal warm geword. Daarna behandel Malan die rol van die Afrikanerbond in die Vrystaat en laat ons dit as 'n pan-Afrikaner- en supra-nasionale beweging sien, wat as drukgroep in die Vrystaatse politiek opgetree het.

Die Vrystaatse Republiek het 'n moeilike ligging tussen die Kaapkolonie en Transvaal gehad: terwyl eersgenoemde hom ekonomies gebind het, het laasgenoemde hom polities aangetrek. Naas materiële oorweginge was daar dus kulturele en bloedbande. In teëstelling met Brand, wat die Vrystaat deur 'n toverbond aan die Kaap gebind het, het sy burgers vir Transvaal gekies, wat egter ook ekonomiese voordele deur die Johannesburgse mark gebied het. Boonop het 'n sterk strewe na nouere vereniging in 1884 ontstaan, wat deur die Afrikanerbond en veral Carl Borckenhagen van *De Express* aangevuur is. Die konferensies van 1887 tussen die Vrystaat en Z A R waarin Kruger die Vrystaat oor spoorwegpolitiek wou bind én deur 'n geheime verbond, was nie 'n sukses nie en botsings tussen die eenheidstrewer met die Noorde en verbintenis met die Suide, het soos 'n politieke slinger gefungeer. Eers in 1889 is 'n verdrag van vriendskap en vryhandel met Transvaal gesluit.

President Reitz het 'n nasionale grondslag vir die Vrystaatse politiek gelê wat vir sy Afrikanerburgers aanvaarbaar was.

Die Jameson-inval het soos 'n elektriese skok deur die nasionale hart van die Vrystaters getrek en sterk reaksie uitgelok, sodanig dat 'n kommando na die Vaalrivier gestuur is. President Steyn het 'n pro-Afrikaner en pro-Transvaalse beleid gevolg en in botsing met die anti-verenigingsgroep o.l.v. George Fraser gekom. Anti-verengingsmaatreëls en 'n verhoging van stem- en burgerregverreistes, was deel van sy nasionalistiese beleid. In 1897 het Paul Kruger daarin geslaag om die Vrystaat deur 'n militêre verbond aan Transvaal te bind, wat hom op 11 Oktober 1899 tot die oorlog met Brittanje laat toetree het. Nie die verbond het 'n verpligting daartoe opgelê nie, maar Vrystaatse Afrikanernasionalisme wat saam met sy susterrepubliek wal gegooi het teen die opdringing van Britse imperialisme.

Van pp. 308 tot 313 gee prof. Malan sy slotsom wat nie hier herhaal hoef te word nie. Genoeg om te sê dat hy deur hierdie werk tot die voorste geleedere van die jonger geslag Suid-Afrikaanse geleerdes toegetree het. Hy skryf in 'n rustige en aangename styl en bied weloorwoë oordele aan; wat die verslag van sy ondersoek tot 'n leesbare en boeiende verhaal maak. Met meer van hierdie tipe studies sal ons uiteindelik in staat gestel word om 'n oorsigtelike beeld van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme, en 'n beknopte oorsig van sy politieke denke en strominge, daar te kan stel.

F A VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

STEVEN DEBROEY, *Zuid-Afrika naar de bronnen van de Apartheid*, Kasterlee 1982, 620 pp.

Die skrywer (geb 1913) is werksaam in 'n uitgewersbedryf en kon dit bekostig om talle reise na Afrika te maak; aan Suid-Afrika het hy al seker tien besoeke gebring waar hy mense uitgevra het, sonder om egter in die argiewe navorsing te doen. As nougeseette Katolieke Christen-humanis het hy in die leiers en onafhanklikeheidsbewegings van Afrika geïnteresseerd geraak en in ooreenstemming met die gees van dekolonisasie hulle kant teen die blankes gekies, wat hulle lande van hulle sou afgeneem en daarna sleg behandel het. In 1972 het hy *Nyerere, fakkeldrager in Afrika* (Kasterlee) en in 1975 *Kaunda, grondlegger van een Christelikh humanisme in Zambië* (Kasterlee) uitgebring, waarin hierdie leiers as geïdealiseerde helde voorgestel word, terwyl die koloniale "regimes" wat hulle nie goed vir onafhanklikheid voorberei het nie, verwyrt word en die gebrek aan stabiliteit in Afrika daaruit verklaar word.

Debroey het hom veral die posisie van die swartmense van Suid-Afrika aangetrek: as die res van Afrika dan gedekoloniseer kon word en selfbestuur ontvang het, waarom dan nie ook in die RSA nie? Hy was verheug toe die swartes van Mosambiek, Angola en Zimbabwe onafhanklik geword het, en het veral laasgenoemde as voorbeeld vir die RSA voorgelê. Sy groot kritiek op die blankes was dat hulle nie bereid is om onder swart meerderheidsregering te gaan nie. In so 'n posisie sou hulle nuwe posisie as geregeerde minderheidsgroep volgens Debroey idillies wees: kyk net hoe heerlik het die blankes wat in Kenia, Zambië en Tanzanië onder swart bewind agtergebly het. Die skrywer het elke keer met 'n missionêre doel na die RSA gekom, nl. om bekeerlinge onder die Afrikaners vir sy idees te maak, wat 'n mens aan Jona en Ninevé laat dink.

Om krag by sy anti-blanke propaganda te sit, het Debroey daartoe oorgegaan om *Zuid-Afrika* te skryf, 'n geskiedenis wat die tydperk 1652 tot 1910 moet belig. In die tweede band hoop hy om die verhaal tot in ons tyd te voer. Om in die mode by anti-Suid-Afrikaanse Europese groepe te wees, kwalifiseer hy sy boek met "naar de bronnen van de Apartheid", wat vir misverstand vatbaar is: Is al die bronne apartheid-bronne? Of wil hy deur terugprojeksie, Apartheid histories bewys — misdade teen die mensheid sedert die koms van Van Riebeeck? Sy inspirasiebronne is duidelik L M Thompson se Afrikanistiese, swartsentriese vertolking van die SA verlede (*Oxford History of South Africa*) en M Cornevin se *Apartheid, power and historical falsification* (Unesco, Parys 1980) waarvolgens hy laasgenoemde se vermeende "mites" toets en die Afrikaners skuldig vind aan legendes en historiese verdraaiings. Debroey se bronne is sekondêr: Hy gee voorkeur aan sekere skrywers, veral dié wat sy vooropgestelde standpunt kan steun, terwyl uitsprake van sekere skrywers soms uit verband geruk word, wat 'n skewe beeld gee van die bydrae van so 'n skrywer.

Debroey vertel, haal aan uit boeke en lewer dan subjektief gekleurde kommentaar tussenin, wat duidelik laat blyk dat hy geen wetenskaplik gevormde historikus met 'n gebalanseerde kyk op sake is, wat die verlede volgens sy eie maatstawwe uit homself wil verstaan nie. Sy werk is eerder inleg- as uitlegkunde, 'n projeksie van hedendaagse anti-kolonialistiese standpunte in die 17de, 18de en 19de eeu. In sy Inleiding begin hy met kritiek op die Afrikaners oor hulle onversetlike houding teen swart meerderheidsregering en beskuldig hulle van "rassisme" en verontagsaming van menseregte. Debroey toon weinig begrip vir die gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1910. Die Suid-Afrikaanse regering is 'n "politieke regime" en die ANC geen rassiste nie. Hy glo blanke Suid-Afrikaners ken hulle geskiedenis "oppervlakkig" en gebruik dit slegs om politieke beleid te regverdig, maar hý wat Steven Debroey is, wat die Afrikaners so liefhet en respekteer en van hulle advies teen ondergang wil bedien, hý ken hulle verlede en hý sal hulle mites ontmasker en aan hulle die waarheid in 'n nuwe, swart-sentriese beeld laat gewaarword. Die nuwe soort legende wat Debroey skep, blyk byvoorbeeld uit die "weerstand" van die Khoikhoi teen die afneem van hul land, asof hul "hulle land" as groot patriotte met 'n sterk nasionale besef teen die blankes verdedig het.

Debroey se werk is nie goeie geskiedskrywing nie: dit is meer kronieke as verhaal, veels te langdragdig en onsamehangend. Sê hy nou werklik iets nuuts? Ek dink nie so nie. Weinig lesers sal so 'n prekerige, beterweterige, hooghartige en voorskrytelike boek as "geskiedenis" waardeer.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

KIT DENTON, *Closed File*, Rigby Publishers, Adelaide, Australië en Bok Books International 1983, Durban-Noord, 1983, hardeband met omslag, 160 pp, bibliografie, indeks.

'n Hele rits boeke het oor die Australiërs Breaker Morant en Peter Handcock verskyn sedert hulle fusillering in die Anglo-Boereoorlog in 1902. Hulle misdade was dat hulle weerlose en ongewapende Boere-kyngsgevangenes koelbloedig doodgeskiet het en dat hulle 'n neutrale Duitse (Berlynse) sendeling, Heese, vermoor het. Hulle is voor 'n krygsraad verhoor en ter dood veroordeel.

Kit Denton het in 1973 'n historiese roman oor dié gebeure geskryf en later is 'n rolprent, op hierdie boek gebaseer, in Australië vrygestel en ook in Suid-Afrika vertoon.

Baie aspekte van hierdie gebeure het twyfel gelaat, veral by die Australiërs. Was die twee Australiese soldate sondebokke van die Britse Empire gewees? Het die Britse Regering en Kitchener die twee se lewens opgeoffer net om die Duitse Regering te paai? Waarom kon die amptelike Krygsraadverslag nooit van die Britse Leër of Regering verkry word nie? Wou hulle iets wegsteek? Kit Denton poog om die hele saak in die reïne te stel, om verduidelikings te verskaf en om die saga van Morant en Handcock te finaliseer. Aldus die titel van die boek "Closed File" en veelseggend die heel laaste sin in die boek: "Perhaps now they may rest in peace."

Morant en Handcock was lede van die sg "Bushveldt Carbineers", 'n ongedissiplineerde, ruwe en wrede klomp wat deur Kitchener aangesê was om die Noord-Transvaalse bos "skoon te maak" van "Boere-

bendes"; dit was groepies Boere wat 'n strawwe en genadelose guerilla-oorlog in die Noord-Transvaalse boswêreld gevoer het.

In die eerste twee hoofstukke word die oorsake van die Anglo-Boereoorlog verduidelik, hoedat Australië tot die stryd toetree het, taktiek van albei kante en hoe dit gekom het dat guerilla-oorlog later ontstaan het. Hy stel die leser dan voor aan elke Australiër wat in die episodes betrokke was en verduidelik hoe die "Bushveldt Carbineers" uiteindelik tot stand gekom het, en wat hulle opdragte was. Die skiet van ongewapende krygsgevangenes was nie uniek of vreemd in die hele konteks van die oorlog nie, tewens, daar is sprake dat die manne bevele van hoër gesag uitgevoer het of dat hulle eenvoudig presedent gevolg het.

Dan volg 'n verslag van die Krygsraad en die fusillering van die twee manne op 27 Februarie 1902 in die Pretoriase gevangenis. Die nagevolge van die Krygsraad se bevindings en die fusillering word bespreek en die skrywer volg die lewensloop van die ander persone wat betrokke was.

Die boek bevat 'n rhenigte foto's en afdrukke van dokumente wat nog nie tevore gepubliseer is nie. Baie van die materiaal is van die Staatsargief, Pretoria verkry sowel as van die Public Record Office in Londen. Daar is 'n mooi foto van die graf (die twee manne is in een graf begrawe) soos dit te sien is in die Ou Kerkhof, Kerkstraat-wes, Pretoria.

Die verhaal word interessant en boeiend vertel en die boek verskaf genot nie alleen aan iemand wat in die Anglo-Boereoorlog belangstel nie, maar dit is ook van historiese belang daar dit 'n saak ophelder, indien nie oplos nie, wat al die jare nog twyfelagtige aspekte getoon het.

C A R SCHULENBURG

Europa/Europe

RICHARD BOSWORTH, *Italy and the approach of the First World War*, Macmillan, Londen, 1983. viii + 174 pp., notas, bibl., indeks. R28,10.

Dié werk uit die pen van die Australiëse skrywer Richard Bosworth vorm deel van die reeks *The making of the Twentieth Century* onder die redakteurskap van Geoffrey Warner. Die maatskappy Macmillan verdien lof vir die wyse waarop hierdie reeks in sowel sagte- as hardeband uitgegee is. In hierdie reeks het onder andere reeds verskyn Sally Marks se *The illusion of peace: international relations in Europe 1918–1933*, Zara Steiner se *Britain and the origins of the First World War* en V R Berghahn se *Germany and the approach of war in 1914*. 'n Verdere vyf titels, wat onder andere Rusland en Frankryk se aandeel aan die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog ondersoek, word in die vooruitsig gestel. Ek stem saam met Alan Bullock dat hierdie reeks 'n goeie manier is om aan studente gevorderde historiese materiaal te verskaf.

Dit is veral verblydend dat die redakteur besluit het om Italië en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in sy reeks op te neem. Alhoewel dit algemeen bekend is dat Italië 'n baie geringe aandeel aan die uitbreek van die oorlog gehad het, bestaan daar nietemin nog vele wanopvattinge oor dié staat se plek in die internasionale politiek gedurende die dekades vóór die uitbreek van die oorlog in 1914. Die gedagte, byvoorbeeld, dat Italië in Mei 1915 "slithered into war" hou eenvoudig nie met die realiteite van Italiaanse strewes rekening nie. Ongelukkig is dit 'n opvatting wat ook dikwels sonder meer oorgedra word na Italië se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog in 1940. So 'n opvatting hou die gevaar in dat Italiaanse staatsmanne (San Giuliana en Sonnino in 1915 en Mussolini in 1940) blote politieke opportuniste was wat eenvoudig die kant (die Drievoudige Entente in 1915 en Nazi-Duitsland in 1940) gekies het waar hulle die grootste winste kon maak. Italiaanse kritici het veel daartoe bygedra om hierdie beeld van hulle land te vestig.

In 'n onlangse studie oor Mussolini se buitelandse beleid (*Mussolini unleashed 1939–1941*, Cambridge, 1982) het Macgregor Knox aangetoon net watter besliste buitelandse program Mussolini gehad het en dat hy doelgerig uitvoering aan sy planne gegee het. Sy beleid was allermins bloot op opportunistiese gebaseer hoewel hy, soos die meeste staatsmanne en politici, natuurlik van geleenthede gebruik gemaak het. Die vraag ontstaan waaraan moet dit toegeskryf word dat Italiaanse optrede tussen 1860 en 1945 die idee van blote opportunistiese politiek skep en dat dit oppervlakkig lyk asof die Italianers nooit eintlik gewest het wat hulle wou hê nie.

Daar bestaan eintlik geen afdoende antwoord op die bovermelde vraag nie en die skrywer van die onderhawige werk verstrek ook geensins al die antwoorde nie. Wanneer Italiaanse beleid en optrede beoordeel word, is dit goed om sekere kenmerke van Italië voortdurend in gedagte te hou. Die belangrikste aspek om te onthou, is dat Italië ten spyte van sy pogings om een te wees nooit 'n Europese grootmoondheid was nie. Die liberale erfenis van die *Risorgimento* was op die totale wanopvatting gebaseer dat liberale Italië 'n grootmoondheid was. Mazzini, Cavour en Garibaldi het veel daartoe bygedra om 'n legitimeitsbasis vir die mite van Italiaanse grootmoondheidstatus te skep. Wag egter vergeet is, is dat Frankryk en Pruisie die *Risorgimento* se oorloë gevoer het en dat grootmoondheidstatus nie op Italiaanse werklikhede gebaseer was nie. Adowa (1896) het gefaal om aan Italië se leiers hierdie noodsaaklike boodskap tuis te bring.

Ten spyte van Italiaanse vereniging en die oorsakeling na 'n liberale-parlementêre regeringsvorm het Italië op ekonomiese en industriële gebied agterlik gebly. Italië se weermag was selfs nog swakker as dié van Spanje en die Franse het tereg na Italië verwys as 'ons swak Latynse sustertjie'. Inherente Italiaanse swakheid het egter nie verhoed dat Italiaanse staatsmanne (byvoorbeeld Giolitti) van dié dag gedroom het waar Italië uit sy 'Middellandseegevangenis' sou losbreek en die glorie van die ou Romeinse Ryk herstel nie. Dan was daar natuurlik nog die ideaal om die werk van die *Risorgimento* (Trieste, Trentino, Dalmasië en die Alto Adige) te voltooi. Die feit dat Italië in bondgenootskap met Oostenryk-Hongarye (Drievoudige Alliansie) was, het hierdie brandende ideale geensins op die agtergrond geskuif nie, soos Italiaanse optrede tussen 1911 en 1914 in die Balkan maar te duidelik illustreer.

Die teenstelling tussen werklike mag en geïdealiseerde mag tipeer die wese van Italië se buitelandse optrede tussen 1896 en 1914. Teen 1914 was Italië reeds in der mate van sy Oostenryk-Hongaarse en Duitse bondgenote vervreem dat dié moondhede Italië takties reeds 'afgeskryf' het. Gedurende die Julie-krisis het die grootmoondhede geen notisie van Italië geneem nie. Duitse pogings in Oktober 1914 om Italiaanse steun te wen, was halfhartig en het Italiaanse eise om kompensasie ten koste van Oostenryk verwerp. Italië het dus buite die stryd gebly, maar sy geloof in sy eie grootmoondheidstatus, die ideale van die *Risorgimento* en 'n poging om binnelandse politieke polarisasie aan bande te lê, het Italië in Mei 1915 aan die kant van die Entente-magte tot die oorlog laat toetree. Die geleentheid om ten koste van Oostenryk gebiedswinste te verkry, het by Sonnino veel swaarder getel as die werklikheid van 'n bitter verdeelde Italiaanse volk.

Die kontinuiteit in Italiaanse buitelandse beleid lê wesenlik daarin opgesluit dat Italië tussen 1860 en 1945 bly vaskleef het aan die mite van 'n grootmoondheid. Juis hierdie mite gee aan Italiaanse optrede die karakter van blote pragmatiese opportunisme. Bosworth se werk ondersteep dié standpunt en behoort spoedig 'n plek te verdien in die Anglo-Saksiese literatuur oor Italië.

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

RICHARD BROWN EN CHRISTOPHER DANIELS, *Twentieth Century Britain*, Macmillan, Londen, ens., 1982, V + 137 pp., statistiese tabelle, bronnelys, R7,95.

Hierdie werk is een uit die reeks "Documents and Debates" onder die redaksie van John Wroughton wat die geskiedenis van Europa en Brittanje respektiewelik eusegewys vanaf die sestiende tot die huidige beskryf. Soos die titel aandui, word die twintigste eeuse Brittanje in hierdie werk aan die leser voorgestel.

Die inhoud van die boek is in 'n tiental chronologiese temas uit die Britse geskiedenis uit die jare 1918 tot 1964 verdeel. Elke tema bevat 'n kort inleiding deur die skrywers. Dit word opgevolg deur uitgebreide uitsprake deur bekende historici, kommentators of deelnemers aan die gebeure. Die bronne waaruit hierdie aanhalings gemaak is, is uiteenlopend en sluit gepubliseerde werke, gedeeltes uit toesprake, persberigte, rolprentkommentaar en poësie in. Elke aanhaling word gevolg deur 'n aantal vrae waarvan sommige direk op die aanhaling van toepassing is, maar ander antwoorde word verwag oor sake waarna slegs terloops in die teks verwys word. Elke tema word afgesluit met 'n lys van aanbevole leesmateriaal.

Oor die algemeen dui die boek die politieke agteruitgang van Brittanje as wêreldstaat aan. Die ontvoegding van Indië en die oorgang van die Britse Ryk in die Statebond word as suksesse beskou wat vir Britse agteruitgang kompenseer. Daarenteen word die toegewings aan Hitler en die Suez-episode as Britse mislukings beskou.

Die doel van die werk is om studente aan 'n wyer reeks van bronne en kommentaar as wat in standaard handboeke te vinde is, voor te stel. 'n Kritiese ingesteldheid word dus op dié wyse aangemoedig.

Aangesien die boek as 'n aanvullende handboek vir voorgraadse Britse studente beskou moet word, is dit minder geskik in Suid-Afrikaanse verband. Daarbenewens veroorsaak die uiteensetting daarvan dat dit fragmentaries van aard is.

Die skrywers lewer 'n bydrae tot die geskiedskrywing in die sin dat veranderinge op sosiale en ekonomiese terreine soos in die geskiedenis aangetoon, aan die hand van die aanhalings uitgelig word. So word byvoorbeeld die veranderende rol van die vrou deur haar toetrede tot die beroepswêreld aan die gevolg van die uitwerking van die wêreldoorloë gemeet. Deur gebruik van statistiek word historiese tendense aangetoon. Behalwe die rol van die vrou in die wêreldoorloë word die verval van die Liberale Party en die verkiesings-tendense in die vroeë vyftigerjare statisties aangetoon. Die waarde van die boek lê in die benaderingswyse van die skrywers.

T C RAUTENBACH
Universiteit van Port Elizabeth

Militêre geskiedenis/Military history

JAMES CABLE, *The Royal Navy & the siege of Bilbao*, Cambridge University Press, Cambridge, etc., 1979, xii + 219 pp., maps, index, bibl.

It is to be regretted that Cable's book has had to wait so long for a review in this journal, since it makes compelling reading for the historian and the layman alike. The author has chosen to explore a relatively minor facet of the Spanish Civil War of 1936–1939 and although he makes no claim to discuss wider issues, he nevertheless provides a more than adequate framework for an exceedingly interesting narrative.

The theme is the part played by the Royal Navy in the last days of the short-lived Basque Autonomous Republic, fighting stubbornly with the Spanish republicans against the advancing Nationalist forces of General Franco. The naval rôle was twofold: to guarantee food supplies imported by merchant vessels for a beleaguered population and to afford protection for the evacuation by sea of children from the war-torn battle zone. These humanitarian gestures were made despite an official British policy of non-intervention in Spain's tragic domestic quarrel and Cable analyses their implementation and consequences in the light of the ambivalent attitudes towards the civil war displayed by the government in London and public opinion throughout the United Kingdom. It is not entirely a happy story, but the officers and men of the Royal Navy emerge with credit in actions which did something, in those years of appeasement and hesitations, to enhance Britain's tarnished international prestige.

James Cable has reconstructed the events of the period primarily from surviving Admiralty, Cabinet and Foreign Office records, together with the recollections of those closely involved. Contemporary publications also proved valuable, particularly that "work of passionate engagement" in the Basque cause (p. 5) by the South African-born journalist, George Lowther Steer, *The tree of Gernika; a field study of modern war* (1938).

Truly an excellent piece of research and writing, and a useful model for those who seek to explore the by-ways of history. Two clear maps illustrate the sphere of operations and a short bibliography includes a number of books on the broader aspects of the conflict, among them the comprehensive study by Hugh Thomas, *The Spanish Civil War* (1961).

M BOUCHER
University of South Africa

PETER PADFIELD, *Tide of empires; decisive naval campaigns in the rise of the west, vol. 2, 1654–1763*, Routledge & Kegan Paul, London, etc., 1982, ix + 270 pp., maps, illus., glossary, index, bibl. R34,30.

This is the second of four volumes in which the author seeks to analyse naval strength in relation to the rise of the western world. It is Peter Padfield's contention that the desire for wealth, and thus for power, is the significant driving force in human endeavour. "The history of the West", he argues, "hence of the modern world, has been written by the sea powers; it was their market-acquisitive system that encircled and dominated the globe" (p. 3). Naval control of the world's oceans was essential to the success of the system and the wealth generated by trade enabled the sea powers not only to create strong navies, but also to subsidize allies fighting in their interests on land. However costly the struggles with competitors, the financial structure of the state, underpinned by successful commerce, guaranteed easy credit, so that the ability to borrow money readily came to be regarded as a test of effective sea power.

Whatever reservations may be advanced against the thesis – and perhaps Padfield will be constrained to modify it when he comes to discuss the modern world of international rivalries – it does much to explain the dominance of maritime powers in the period covered by the two volumes of the series published to date (1481–1763). In the first of these he sees the focus of commercial empire shift from the Mediterranean to the Iberian Peninsula and thence to the northern Netherlands. The present volume opens with the Dutch in the ascendant, discusses the French challenge and ends with Britain triumphant in the race for empire.

Peter Padfield writes with verve and his narrative style brings maritime history to life. His descriptions of naval battles are particularly vivid, as for example in the Anglo-French campaign of 1673 against the Dutch and the battles of Toulon (1744) and of Quiberon Bay (1759). Regional maps and specific battle diagrams greatly enhance the text. This survey depends upon secondary sources and if it does not present a new view of the international rivalries of the period, it brings together a considerable variety of material. We cannot quarrel with the author's general findings and it is only in detail that we feel that the inevitable compression of content in a book devoted to so lengthy a period sometimes leads to distortion. A notable example may be seen in Padfield's assessment of the commercial and maritime effects of Louis XIV's anti-Huguenot policies culminating in the revocation of the Edict of Nantes in 1685 (pp. 118–119). *It is to be doubted whether this campaign had so serious an effect upon the nation's prosperity as it is*

alleged. Losses in skilled manpower there undoubtedly were, and they were to the advantage of France's competitors, but there were significant gains from Catholic Ireland to offset them and there is reason to believe that some prominent Protestants in the shipping world were tacitly exempted from persecution.

This, and others like it, are minor points, however, and do not seriously detract from a lively, entertaining and generally accurate picture of an era. A useful glossary of nautical terms is included and the illustrations, most of them from the National Maritime Museum, London, are of outstanding quality. One of the most attractive is the magnificent panorama of the English fleet under Prince Rupert and Albemarle before the attack on the Dutch in 1666. It is a remarkable example of perfect order under sail.

M BOUCHER

University of South Africa

Ideologie/Ideology

P D STACHURA, *Gregor Strasser and the rise of Nazism*, George Allen and Unwin, London, 1983, xiv + 178 pp., bibl., index, R29.40. P D STACHURA (ed.), *The Nazi machtergreifung*, George Allen and Unwin, London, 1983, xii + 191 pp., index R29.40.

Last year marked the fiftieth anniversary of the advent to power of Hitler. It is appropriate, therefore, that two works should appear marking the rise and triumph of nazism in Germany. The author, Peter Stachura, is a noted authority on National Socialism and has written extensively on the subject.

In the first work, Stachura has devoted attention to the most influential leader after Hitler in the pre-1933 Nazi party, Gregor Strasser, who has been curiously neglected by students until now. He has attempted to answer a number of penetrating questions regarding his character, ideas and beliefs, such as, in what sense was Strasser a "socialist", the head of the "Nazi left" or "Strasser wing" within the Nazi party, as claimed by many contemporaries and historians? What were the reasons for his resignation in late 1932? To what extent did Strasser pose a serious challenge to Hitler's leadership of the party? Did he, in fact, offer a non-Hitlerian brand of nazism?

As the author states in his introduction examining Strasser was a difficult task, for he was an enigmatic, ambivalent figure, full of contradictions, surrounded by many myths and legends. There was the added problem that most of Strasser's private papers had been seized and destroyed following his murder. Neither his widow nor his intimate advisers in the party were able to provide much in the way of documentation. Still, relying on a wide-ranging selection of previously unpublished primary sources and extensive secondary literature, the author has produced a scholarly and incisive study.

Stachura clearly shows the impact that the First World War had on Strasser and explains why a person of his conservative, Catholic and Bavarian upbringing should have found National Socialism attractive. Like many of the "Front Generation", he found it difficult to return to the normal conventions of society and, hearking back to the comradeship and excitement of the front, he became involved in local paramilitary organisations of the Right in Bavaria. The author proceeds to trace his involvement with the small National Socialist party, his involvement with Hitler, his prominence as a Stormtroop (SA). The impact of the 1923 *putsch*, Strasser's leadership of the northern Nationalist Socialists, his drafting of the so-called "socialist" programme of action and the failure of the Strasserite programme at the 1928 election are discussed. The author deals admirably with the complex 1930-4 period which included the Otto Strasser crisis, the rift between Hitler and Strasser, the latter's resignation from the political scene and his sordid murder in 1934.

Stachura had adopted a revisionist approach to his subject. He cogently argues that Strasser's so-called "socialism" was "vacuous, amounting to little more than an emotionally based, superficial, petty-bourgeoisie anti-capitalism". It was influenced not only by Strasser's experience at the front during the First World War, but also by his home background and his association with neo-conservative thinkers and writers. In any case, Strasser's "socialism" played little role after 1928, having been watered down to the extent that it was unrecognisable. The author concludes that Strasser did not have his own wing in the party and cannot be regarded as leader of the "Nazi left" because no such coherent ideological, organisational or political entity existed. Intrinsicly suspicious of Hitler, Strasser came to see Hitlerian national socialism as an unacceptable perversion of the very values he had cherished. His alienation from his *führer* was, however, not accompanied by any decisive action apart from his rather stilted resignation. His failure to stop Hitler was to have a decisive effect on the future course of German and European history. "Your brother Gregor", wrote Brüning to Strasser's brother in later years, "was the only person in the NSDAP who could have one day eliminated Hitler and similar figures, and prepared a party evolution which might have spared Germany and Europe all that has occurred".

The second volume, written by a group of mainly younger historians based at Canadian, American

and British universities, and edited by Stachura, provides a revealing account of the Nazi *machtergreifung*. All the contributions are built round the central theme of the dynamics of social and political mobilisation by the Nazi party during the Weimar era. Put simply, the book asks the reasons for and the nature of German support for the Nazis before 1933. Attention is particularly paid towards the relationship between the Nazis and various social groups such as the bourgeoisie, workers, women, students, youth, industrialists. The attitude of the army and church towards the Nazis is also examined, as is the party's successful mobilisation of support through foreign policy on the one hand, and ideology/propaganda on the other.

Both *Gregor Strasser* and *The Nazi machtergreifung* will appeal to students of Weimar and Nazi Germany. They add much to our knowledge of the period.

D M SCHER
University of South Africa

WARREN LERNER, *A History of Socialism and Communism in Modern Times*, Englewood Cliffs, New Jersey, 1982.

Lerner is professor in Geskiedenis aan Duke-universiteit, waar hy vir die afgelope 20 jaar die geskiedenis van die sosialisme behartig, 'n tema waaroor hy etlike boeke geskryf het. Hierdie boek gaan die sosialisme na vanaf sy verskyning sowat 200 jaar gelede in die Europese Verligting, tot die jare tagtig van die 20ste eeu. Die klem word op teoretici, aktiviste en humaniste geplaas. Enige geskiedenis van die sosialisme het te doen met die vraag na sosiale en ekonomiese geregtigheid. Dit is die gevolg van die verlies in vertroue in die Westerse stelsel van kapitalisme wat as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog 'n knou gekry het, waarop sosialisme in verskillende vorme gefloreer het. Dink byvoorbeeld aan die demokratiese sosialisme van Wes-Europa en die kommunistiese samelewings van die Sowjet-unie, Sjina, Suid-oos-Asië en Oos-Europa, en tans ook Afrika. 'n Groot deel van die huidige wêreld word deur een of ander vorm van sosialisme oorheers.

Lerner redeneer dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n beknopte verslag van die ontwikkeling van die sosialisme in al sy verskeie vorme. Hy voorsien dus van die nutste titels by elke hoofstuk. Hy vind dit moeilik om 'n definisie van sosialisme te gee en nog moeiliker wat die kommunisme betref, wat hulleself tog ook as sosialiste reken. Breed gesien, gaan dit daarom dat die kapitalisme tot die ekonomiese en sosiale "uitbuiting" van mense gelei het: Hoe om dié stelsel te vervang met een wat 'n "regverdige" samelewing genoem kan word, is die probleem van die sosialistiese teoretici. Kommunisme het volgens Lerner 'n besondere betekenis in terme van Lenin se Rusland en sy uitdaging aan die wêreld. Tog het kommunisme hedendaags ook herdefiniëring ondergaan, veral in die Westerse samelewings: Die Kommuniste identifiseer met 'n meer radikale en meer revolusionêre benadering van die samelewing as die sosialiste.

Die skrywer begin met sosialisme voor Marx en verwys o.a. na Rousseau, Blanqui e.a. as politieke denkers. Daarna kom Marx en Engels aan die beurt. Marx se denke was deurslaggewend vir die moderne wêreld: Hy staan soos 'n profeet bo al die ander sosialistiese denkers uit. Geen wonder nie dat sy naam in die "Marxisme" verewig is. Daarna het Lerner dit oor anargisme e.a. nie-Marxistiese bewegings, die Tweede Internasionaal (1889–1914), die oorsprong van die Russiese sosialistiese beweging en die eerste sosialistiese rewolusie (1917), nl. die Sowjetregime in Rusland. Hy behandel ook die internasionale kommunisme en sosialisme tussen die twee wêreldoorloë, Stalinisme, die verdeling binne die kommunistiese wêreld, die ontwikkeling van die Sjinese kommunisme en eindig met sosialisme en kommunisme in die huidige wêreld – ook in Afrika. Dit is 'n lesenswaardige boek vir enigiemand wat in die wêreld waarin ons leef belangstel.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

Historiografie/Historiography

A H HUSSSEN JR, E H KOSSMANN, H RENNER (reds), *Historici van de twintigste eeuw*, Utrecht, 1981.

Die drie redakteurs wat self bydraes tot hierdie boek gelewer het, is professore in geskiedenis aan die Universiteit Groningen. Die boek voorsien in 'n behoefte omdat die meeste historiografiese werke oor 19de eeuse historici handel en verouderd is, om byvoorbeeld aan Fueter, Gooch en Thompson te dink. Twee-en-twintig 20ste eeuse historici wat verskeie strominge in die Westerse historiografie verteenwoordig, word deur 23 spesialiste behandel, wat as beginsel aanvaar het originaliteit van vraagstelling aan die verlede en metodologie om sin daarin te bring, en ons die betrekking te laat sien tussen die probleme wat hulle in hulle eie tyd raakgesien het en die daaruit komende vrae, waaraan die navorsingsmateriaal onderwerp is. Die boek bevat kort biografiese sketse wat die verband tussen die werk van die historici en die situasies van hulle tyd aan-

toon. Dit laat die strominge en metodes goed tot hul reg kom sodat ons 'n wye verskeidenheid benaderings te sien kry. Ook bevat dit evaluasies en betekenisduiding van die werk van die moderne historici, wat aan die student 'n idee gee van wat in die moderne geskiedskrywing aan die gang is.

Prof E H Kossmann behandel Friedrich Meinecke wat breed verskil van die soort temas wat hedendaags die historici interesseer, nl. die materiële kultuur, die ekonomic, sosiale verhoudinge en die lewe van die gewone mens – die groot massa van die bevolking, soos beoefen deur sommige sg. "progressiewe" geskiedkundiges, wat op 'n vermenging van die geskiedwetenskap en die sosiale wetenskappe neerkom. By Meinecke gaan dit om 'n beskouing van die verlede wat probeer om dit soveel moontlik vanuit sy eie norme en waardes te begryp, d.i., wat die historikus se oordeel afhanklik maak van die norme en maatstawwe wat in die verlede self gebruik is. Dit gaan om 'n kwalitatiewe eerder as om 'n kwantitatiewe benadering, om historiese individualiteite eerder as veralgemenings, en om idees agter die handeling van mense. Op die inhoud van die boek word nie verder ingegaan nie.

Sewe "portrette" van Nederlandse en Belgiese historici word aangebied t.w. Pirenne, Huizinga, Geyl, Romein, Presser, Slicher van Bath en Jan Dhont. Russiese historici soos Pokrovski, Rostovtzeff en Medvedev kom ter sprake, maar ook Amerikaanse soos A M Schlesinger jnr, R W Fogel en Beard. Franse historici is o.a. Hazard, Braudel en Duby, Duitse historici is Meinecke en Fritz Fischer terwyl ook die lewe en werk van Engelse geskiedkundiges soos Toynbee en Namier aan ons voorgestel word. "'n Groot historikus" sê M A Wes, "is meer as 'n goeie historikus". Terwyl lg. hom aan sy ambag hou en vakbekwaam is en e.g. dit ook doen, kom 'n ekstra dimensie daarby, nl. sy vrye spel van fantasie en verbeeldingskrag, wat wel 'n gevaarlike spel kan wees. Die 22 historici wat behandel word, is almal groot historici wat die verbeelding prikkel.

Hierdie boek word sterk aanbeveel vir gebruik veral op Honores-vlak. Ek het dit sedert 1981 met my studente behandel en hulle het daardeur geestelik verruim en verryk geraak. Dit sal ook nuwe weë en visies vir dosente en historici open.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

W W MIJNHARDT (red), *Kantelend geschiedbeeld, Nederlandse historiografie sinds 1945*: Utrecht 1983.

Hierdie boek kan as aanvullend tot *Historici van de twintigste eeuw* gesien word: Dit handel oor die Nederlandse vaderlandse geskiedskrywing. Anders as by bogenoemde boek wat oor individuele historici handel, bied dit 'n tematiese behandeling van die geskiedskrywing sedert 1945 aan, wat ons insae gee in die Nederlandse historiese bedryf oor bykans 40 jaar. Daarin het daar sedert die Tweede Wêreldoorlog vernuwing ingetree o.a. teweeg gebring deur beïnvloeding van buite die landsgrense om byvoorbeeld aan die Franse Annalesskool te dink. Ook het daarin 'n klemverskuiwing van tema plaasgevind, nl. van die tradisionele élite-geskiedenis na dié oor die gewone mens: dus sosiaal-ekonomiese geskiedenis van die massas.

Nege historici het bydraes gelewer. W W Mijnhardt vertel van die groot veranderinge wat die geskiedskrywing sedert 1945 ondergaan het, wat die ou beeld van die Nederlandse verlede laat "kantel" het: gevarieerde metodes en 'n verfynde ambagtelike instrumentarium het daartoe meegewerk. Hy toon aan hoe maatskaplike veranderinge die visie op die ontwikkelingsproses verander het. Dié het historici gedwing om telkens op nuwe vrae te besin en boustene vir 'n ánder geskiedbeeld aan te dra. In 'n gewysigde kulturele klimaat was daar 'n voortdurende proses van aanpassing. Die nasionalistiese element het ten gunste van 'n internasionale perspektief verflou en bied nie meer soos 50 jaar gelede 'n bruikbare perspektief vir die ordening van historiese materiaal nie.

Die boek handel juis oor historiografiese verskuiwinge en bied 'n oorsig van die belangrikste literatuur sedert 1945. P B M Blaas verstrekk meer besonderhede oor die historiografiese ontwikkelingsgang en vertel van die impulse wat tot vernuwing onder invloed van die buitelandse geskiedskrywing, veral ná 1960, wat hul eie verlede in baie opsigte "vreemd" laat voorkom het. Hy behandel die jare 50 as die "nasionale en versuilde kader", (Geyl, Romein en Enno van Gelder), die jare 60 as "deurbraak en aanloop tot vernuwing" (Annales-invloed), terwyl die jare 70 "voortgaande vernuwing in en naas wetenskaplike en universitêre onrus" bring. Daar het bv. institusioneel-organisatoriese wysiginge gekom; "koloniale" geskiedenis is deur "Europese uitbreiding" ná dekolonisasie vervang, terwyl die sosiale geskiedenis in eie reg met sy opmars begin het.

Sentrale temas wat behandel word, is die geskiedskrywing van die Nederlandse opstand en die Goue Eeu deur G de Bruin, die stedelike patrisiaat deur D J Roorda en die ekonomiese en sosiale geskiedskrywing van die Nuwe Tyd deur P C Jansen. W W Mijnhardt skryf oor die geskiedskrywing van ideë-geskiedenis van die 17de en 18de eeuse Republiek, terwyl O E G Haitzma Muller verslag doen oor die behandeling van die Patriotte- en Bataafse tyd. E J Fischer het dit oor die 19de eeuse industrialisasie; W ten Have oor die geskied-

skrywing wat "krisis en versuiling" tot sentrum het, en ten slotte skryf G J Schutte, 'n uitmuntende kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en toestande, oor die koloniale historiografie. Dit is 'n bruikbare boek waaruit Suid-Afrikaanse geskiedkundiges baie kan leer, ook wat styl en metode van die historiografie betref.

F A VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

Afrika/Africa

FERGUS MACPHERSON, *Anatomy of a Conquest; the British occupation of Zambia 1884–1924*, Londen 1981, prys R45,00.

Die skrywer was vyftien jaar lank sendeling in Zambië en Malawi en eerste studentedekaan van die Universiteit van Zambië. Later het hy navorsingshistorikus van die Kenneth Kaunda-stigting geword en met bogenoemde boek 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Edinburgh o.l.v. prof. G Shepperson, 'n kenner van Afrikageskiedenis, verwerf. Hy het ook ander boeke tot sy krediet, nl *Kenneth Kaunda en Kwacha Ngwee, How the Zambian Nation was made*.

Die jongste boek is in die terminologie van 'n bepaalde tipe Afrikageskiedenis geskryf, nl. vanuit 'n anti-kolonialistiese en dekolonisasie-standpunt wat die swartman in die sentrum stel en die blanke veroordeel as sou dié met kolonisasie 'n misdaad teen die mensheid begaan het, nl. die verowering van swart gebiede, die gewelddadige onderwerping van die inheemse inwoners, hulle uitdrukking uit die grond en die bestuur van die land in die naam van mensliewendheid, beskawing en Christendom. Macpherson ontleed die wyse waarop die Britte Zambië beset en verower het. Dit raak die jare 1884–1924. Hy lê klem op die swart reaksie en put stof uit mondelinge oorlewering wat hy op band uit onderhoude met veral oumense vasgelê het. Die boek weerspieël 'n ander gees as boeke uit die koloniale tyd toe regverdiging vir die besetting van dele van Afrika gevind is en Britse sendelinge, handelaars, ontdekkingsreisigers en politici soos (o a Livingstone en Rhodes) as "empire-builders" geloof en geprys is, wat die donker kontinent vir blanke bewoning opgestel het.

Die skrywer vertel hoedat hy as skoolseun in Skotland geleer het van die Britse koloniale onderneeming "as essentially beneficent and its agents as selfless and sometimes heroic agents of the Imperial ideal". Hy getuig nou van die realiteite van die koloniale "white settler"-tydperk: oral het hy 'n "profound unhappiness and resentment in the heart of the African people" gevind, wat deur 'n beleid van "resistance" uiteindelik op onafhanklikheid uitgeloop het. Hoofsaak is dus die reaksie van swart volke op die blanke verowering van hul land: dié het met geweld geskied maar, soms ook met oneerlikheid en kullery wat traktate met swart leiers betref.

Hy laat ons Rhodes se ideaal van "Cape to Cairo" sien, behandel die anneksasie van "Noord-Rhodesië" (wat later Zambië word), die Berlynse konferensie en die metodes wat Brittanje aangewend het om Bismarck te uitoorlê en sy gesag in Afrika uit te brei. Ons word vertel van die werklikhede van verowering en die instrumente van onderwerping (*musonko* en *chibalo*) – veral die hutbelasting waarvan die inheemse mense nie gehou het nie, maar wat nodig was vir die dividende wat die BSA-kompanjie aan sy aandeelhouders moes betaal. Hy vertel ook van intimidasie en die "rule of law" en die afneem van swart grond. Belasting was ook nodig om swart arbeid te onttrek en vir die goudmyne in Suid-Afrika beskikbaar te stel.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking "that the British South African Company's mode of annexation and control was such that Zambia was relentlessly exploited, with the inevitable consequences of disintegration and depression. Such a policy was short-sighted and could not but hasten the stirring of the conquered peoples and result in their determined drive to rid themselves of foreign rule and take control of their own destiny" (p 231).

F A VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

Kunsgeskiedenis/History of Art

P MIKULA, B KEARNEY, R HARKER, *Traditional Hindu Temples in South Africa*, 112 pp., ill., Hindu Temple Publications, Durban, 1982, R27,50.

In 1860 het die eerste 342 suikerplanters uit Indië in Natal aangekom en teen 1885 was daar 20 000. Baie min van hulle het na afloop van hul dienskontrak na Indië teruggekeer. So het in Natal drie afsonderlike

kultuurstromings ontwikkel: Afrika, die Ooste en die Weste; en onvermydelik het hulle mekaar beïnvloed. Na die ontdekking van diamante en goud het Indiërs hulle egter ook in Kimberley en op die Rand gevestig.

Die Indiese arbeiders het al gou begin om hul eie tempels te bou. Hierdie geboutjies was aanvanklik baie beskeie; party was nouliks meer as net 'n pondokkie. Mettertyd het die tempels groter en aansienliker geword. Die voorkoms het hoofsaaklik berus op wat die mense kon onthou van geboue in die plek van hul herkoms. Ook is dit opvallend dat party tempels deur plaaslike bouers opgetrek is, terwyl vir ander spesiaal argitekte uit Indië ingevoer is.

Die vroegste tempeltjies is gebou met behulp van gevlegte takke en pleisterwerk. Vervolgens is planke en sinkplaat gebruik. Meeste van hierdie geboue bestaan lankal nie meer nie. Die geboue het egter steeds groter geword en omstreeks 1910 het daar 'n ryk variasie van permanente tempelgeboue bestaan. Meeste hiervan staan in Natal, maar ook in die binneland word 'n aantal mooi voorbeelde aangetref.

Baie van hierdie geboue is opvallende voorbeelde van Oosterse prag en oordaad. Net soos in die Griekse oudheid speel kleur 'n belangrike rol in hierdie boukuns. Die geboue wat deur westerse argitekte ontwerp is, het partymaal meer die voorkoms van 'n kerk as van 'n tempel. Vermenging van Oosterse en Britse Edwardiaanse vorme kom herhaaldelik voor. Soos verwag kan word, was daar 'n aantal prominente Oosterse bouers: Reddy, R en A Pillay, Nacker, Chitty en Ramjee is bekende figure in hierdie boukuns. Die tempels is onderhewig aan vaste argitektoniese reëls wat betref verhouding, orientasie, en onderlinge verband en die geboue is baie afhanklik van die vorm van erediens en kerklike feeste.

Net soos in die Middeleeuse westerse boukuns speel beeldhoukuns 'n groot rol. In Suid-Afrika is die bouers en beeldhouers van die Hindoe-tempels deurgaans nie professioneel onderleg nie. Daar is baie aandag geskenk aan besonderhede en kleure is versigtig en doelmatig aangebring. Die afmeting van die gebou en die rykdom van die versiering was grotendeels afhanklik van die suikerbedryf en die materiële omstandighede van die bevolking in 'n besondere streek. Hoewel daar vandag meer in enkelkleur gewerk word as gevolg van minder geduld en hoë pryse van verf, is die meeste tempels tog met liefde en toewyding gebou.

Veel voorbeelde van hierdie boukuns het ten gronde gegaan as gevolg van aanvanklike swak materiaal wat gebruik is, watervloede of afbraak as gevolg van urbanisering van 'n streek. Ander geboue is vernietig as gevolg van verskuiwing van die bevolking en onvermydelike verwaarloosing van die tempels wat hierop volg. Gelukkig is 'n aantal van die geboue vandag tot nasionale monumente verklaar en is hulle as sodanig teen vernietiging beskerm. Daar behoort egter baie meer gedoen te word om belangrike geboue vir die nageslag te bewaar. Eienaars is dikwels heeltemal onbewus van die historiese of estetiese waarde van so 'n gebou. Veel word verknoei deur ondeskundige veranderings, sogenaamde modernisering en toevoegings. Hierdie verskynsel is ook in die Kaaps-Hollandse boustyl goed bekend.

Hierdie boek het moontlik net betyds verskyn. Mens het lanklaas geleentheid gehad om so 'n goeie insig te kry in 'n besondere deel van die Suid-Afrikaanse boukuns, waaroor daar veel te min bekend is en waarvoor daar gevolglik ook te min belangstelling bestaan. Dis duidelik dat die drie argitekte die boek met plezier en geesdrif geskryf het. Van elke gebou waarna verwys word, is daar 'n afbeelding. Die groot aantal klein afbeeldings in kleur maak indrukke baie lewendig en dra baie by tot dieper insig. Die skrywers het ten volle daarin geslaag om van hierdie boek 'n gids tot hierdie geboue te maak. Dit moedig mens aan om beter op te let vir sulke geboue en om in die toekoms nie net verby te jaag nie.

Die skrywers pleit vir 'n algemene fonds vir restaurasie en bewaring. Op sigself is dit onvoldoende; dit kan slegs verwerklik word as daar ook wye belangstelling en besef van waarde aangewakker word. Tot hierdie doel lewer hierdie boek 'n baie belangrike bydrae. Dit vestig die aandag op 'n tot nou toe grotendeels onbekende argitektuur. Elke argitek en historikus behoort die boek in sy besit te hê.

F G E NILANT
Universiteit van Pretoria

GEOFFREY A GODDEN, *Oriental Export Market Porcelain and its influence on European Wares*, 384 pp., ill., Granada, Londen, N. York, R52,00.

Porselein het in die ooste ontstaan en vir baie eeue is in Europa getrag om die geheim hiervan agter te kom. Eers in die 18de eeu is egter in die Meissen-fabriek in Saksie die eerste Europese porselein vervaardig. Die Portugese en die Hollanders het die eerste porseleinvorwerpe uit die Ooste na Europa gebring, op die voet gevolg deur die Engelse.

Geoffrey Godden, self 'n handelaar en versamelaar, het getrag om na te gaan hoeveel porselein uit die Ooste nou eintlik na Europa vervoer is en wat die invloed daarvan op die Westerse produk was. Hy het gebruik gemaak van inventarisse van die vrag van ou seilskepe en van verkoopslyste in Europa. Hieruit blyk dat die hoeveelheid porselein wat uit die ooste ingevoer is aanmerklik groter is as wat tot nou toe vermoed is. Die skepe van die retoervlote is op hul bodem gelaai met ballas, daarbo kom porselein en bo-op tee, peper en sy wat baie ligter is. Al spoedig het gespesifiseerde bestellings uit Europa na die Ooste gekom. Deurgaans is massaware vir rekening van die Indiese handelsmaatskappye aangebring, maar die spesiale bestellings is grotendeels behartig deur privaathandel, wat in die hande van seeliede en handelaars in die Weste en die Ooste berus het.

Suid-Afrika is opmerklik ryk aan porselein. Deur die jare het baie skepe aan ons kuste vergaan en porselein het reëlmatig deel uitgemaak van die goedere wat op die strande aangespoel het. Verdere porselein-voorwerpe het saamgekom met V.O.C. amptenare of is deur beter gesitueerde Kaapse burgers uit die ooste bestel. Baie van al hierdie keramiek word vandag aangetref in die groter en kleiner museums van ons stede en dorpe langs die kus. In die binneland was dit baie skaarser en eers onlangs is die Universiteit van Pretoria verryk met een van die grootste en belangrikste versamelings van oosterse keramiek in die land. Gevolglik is hierdie studie deur Godden vir ons baie belangrik. Godden het die verhouding nagegaan van die VOC se massaware en die privaathandel in meer gespesialiseerde stukke. Heelwat voorbeelde hiervan tref ons aan in die Koopmans de Wet-versameling in Kaapstad.

Godden gee 'n duidelik volgbare oorsig van die opeenvolgende style, die kleurgebruik, soorte blou en vorme. As vergelykingsmateriaal is dit alles baie belangrik vir die verskillende versamelings in Suid-Afrika. Die Oosterse keramiek het 'n baie ingewikkelde geskiedenis waarvan mens op hoogte moet wees om die tyd-vak en agtergrond van voorwerpe te kan vasstel. Dit gaan dikwels ook nie net om die keramiek self nie. Die internasionale handelsverbindings en roetes is direk weerspieël in die beskikbaarheid van verskillende tipes porselein op 'n vasgestelde tydstrip.

Hierdie boek deur Godden is een van die beste leerboeke wat beskikbaar is. Van elke verskynsel wat hy noem, is daar minstens een afbeelding, dikwels in baie mooi kleur. Daar is 'n oorsigtelike bibliografie en 'n uitstekende indeks. Die boek is onmisbaar vir enigeen wat in die inhoud van ons kuns- en historiese museums belangstel of by hulle betrokke is.

F G E NILANT
Universiteit van Pretoria

Algemeen/General

RUDOLF VON ALBERTINI, *Decolonization, the Administration and Future of the 1919—1960*, New York-Londen, 1982. Prys R37,50.

Die skrywer is 'n bekende Switserse historikus wat aan die Universiteit van Zürich doseer. Hy is een van die weiniges in die Duitssprekende wêreld wat hom met dekolonisasie en Afrika-aangeleenthede bemoei het. Franz Ansprenger van die Vrye Universiteit van Berlyn is die ander Duitse historikus oor bogenoemde temas, (*Die Auflösung der Kolonialreiche* 1966), maar in teëstelling met Von Albertini is hy as 'n linkse radikaal bekend, wie se simpatie by die koloniale volke en die Sowjetunie lê. Daar was ook voorgangers om byvoorbeeld aan Wahrhold Drascher se *Schuld der Weissen? Die Spätzeit der Kolonialismus* van 1960 te dink, waarin hy die uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog op die koloniale vryheidsbewegings nagegaan, en die twee Wêreldoorloë as Westerse "burgeroorloë" omskryf het, wat tot sodanige verswakking gelei het dat die koloniale wêreld die juk van die Westerse moondhede onder invloed van die nasionalisme kon afwerp — die gevolg van interne swakheid.

Von Albertini is 'n belese historikus wat sy tema anders as Drascher aanpak. Sy boek wat in 1966 in Duits verskyn het, is eers in 1982 in Engels gepubliseer, wat hom kans gebied het om aanvullings te maak, en wat literatuur betref tot op datum te bring. Hy het waardering vir sy objektiewe studie wat op bronne berus, gevind, en internasionaal bekend geword. Sy boek is 'n reuse onderneming wat die hele wêreld as toneel het. Dit herinner aan Henri Grimal se *La Décolonisation, 1919—1963* wat soos die van Ansprenger ingaan op swart nasionalistiese bewegings, maar op sekondêre bronne gebaseer is, en nie op die studie van primêre bronne berus soos by Von Albertini nie. Sy benadering is politiek-wetenskaplik. Die boek verstrek 'n beeld van hoe die Westerse ryke gedekoloniseer, d.i. tot 1960, ontmantel is, beginnende by die Eerste Wêreldoorlog waarin Duitsland se oorsese ryk gelikwider is. Die hoofklem val op die ontbinding van die Britse en Franse koloniale ryke in Afrika en Asië, gevolg deur die val van die koloniale ryke van Nederland, België, Portugal en die VSA. Die boek sluit af met 'n vergelyking tussen die proses van dekolonisasie in verskillende gebiede.

Von Albertini konkludeer: "Decolonization was hastened by many different factors; but its source lay

in the process of modernization instigated by the colonial powers. This process in turn was simply a part of current world technological revolution and the spiritual and social changes that accompany it. Colonial conquest itself stimulated the forces which would one day lead to emancipation". (p 525). Die tema van die boek is hoe Europa by die proses van emansipatie na die Eerste Wêreldoorlog aangepas, en op die uitdaging wat dit gestel het, geantwoord het. Die Tweede Wêreldoorlog was van deurslaggewende betekenis: die Weste het verswak en Rusland het voordeel uit die emansipatie behaal. *Decolonization* is 'n boek wat gelees moet word, wil die moderne historikus verstaan wat in die internasionale wêreld op koloniale gebied na 1945 plaasgevind het.

Vir Suid-Afrika is dit van besondere belang. Die rede is dat die land in sommige kringe as die laaste vesting van blanke gesag in 'n swart kontinent beskou word, wat nog tot 'n val gebring moet word, om byvoorbeeld aan die term "frontstate" rondom hom te dink. Ook die Westerse koloniale moondhede is voor dekolonisasie tot konsessies en hervormings gedwing (p 524), egter sonder dat hulle die "winde van verandering" kon weerstaan. Nie die Tweede Wêreldoorlog self is myns insiens die belangrikste gebeurtenis van die 20ste eeu nie, maar die val van die Westerse koloniale ryke wat 'n periode van 500 jaar se wit oorheersing van ons planeet tot 'n einde gebring het. Dit het tot die opmars van vier-vyfdes van die wêreldbevolking gelei, wat vandag hoë eise aan die RSA stel. Dit lyk soms of hy deur die Weste aan Afrika en die Ooste uitgelewer is.

F A VAN JAARSVELD

Universiteit van Pretoria

G F JACOBS, *Wedloop met de moesson, Verslag van een reddingsoperatie op Sumatra*, Uitgeverij T Weber B V, Franeker 1982, 253 pp.

In augustus 1945 kreeg de 23jarige Zuid-Afrikaan majoor Gideon F Jacobs van het geallieerde opperbevel op Ceylon opdracht om met vier man per valscherf af te springen bij Medan op Sumatra en contact met de Japanse legerleiding op te nemen over de toestand, verzorging, bescherming en evacuatie der kampen van krijgsgevangenen en geïnterneerden op dat eiland. Hij heeft over zijn ervaringen in augustus-oktober 1945 in 1965 het boeiende werk "Prelude to the monsoon" gepubliceerd. Eerst in 1982 is een Nederlandse vertaling onder de titel "Wedloop met de moesson" verschenen. De Nederlandse titel geeft de spanning van het boek beter weer dan de Engelse.

Jacobs taak was uiterst delicaat, want hij had na de capitulatie van Japan te maken met onbetrouwbare Japanse officieren en Sumatraanse vrijheidsvechters tegen terugkeer van Nederlands gezag, met Nederlanders, die dat gezag wilden herstellen, en met de Britse legerleiding, zijn opdrachtgever, die geen herstel van het Nederlandse gezag wilde. Want het stond al lang bij de regeringen van de VSA en Britannië vast, dat zij Oost-Indië niet aan Nederland zouden terugbezorgen.

De Britse troepen zijn eerst op 10 oktober 1945 op Sumatra geland. Tot die datum moest Jacobs rekening met vele tegenstrijdige belangen houden en voorzichtig manoeuvreren om het hoofddoel, de veiligheid der gevangenen, te verzekeren. Hij beschrijft de weerzinwekkende wreedheden van de Japanners en Sumatranen jegens hen. Hij benadrukt, dat de Japanners de gevangenen uit Brits Indië veel beter behandelde voor hun Azië-voor-de-Aziaten-propaganda.

De gebeurtenissen schoten elkaar zo snel voorbij, dat de lezer soms loshangende draden in zijn verhaal vindt en niet de afloop van bepaalde verwickelingen verneemt. Niettemin is zijn werk zeer lezenswaard.

De uitgever heeft de vertaling op 28 oktober 1982 in Den Haag openbaar gemaakt en daarvoor majoor (nu professor) G F Jacobs en oudstrijders uitgenodigd. Na Jacobs' toespraak hebben Nederlandse deelnemers aan de reddingsoperatie op Sumatra hem scherp gekritiseerd, omdat hij in zijn boek zijn belangrijkheid en verdienste overbeklemtoont en vrijwel zwijgt over het werk der Nederlanders bij dezelfde operatie, onder anderen luitenant Sisselaar. Ook heeft een recensent hem verweten, dat hij sympathie toont voor Stamford Raffles, de Britse gouverneur van Oost-Indië, die in 1815 heeft gepoogd om Oost-Indië voor Britannië te behouden.

Deze kritiek moge waar zijn, zij geeft niet de doorslag. Men mag de jonge majoor vergeven, dat hij zijn eigen betekenis heeft overdreven, want ik vind als historicus ijdelheid dikwijls een deugd. Ijделе mensen laten van zich horen en het is jammer, dat Jacobs' criticus Sisselaar geen boek als dat van Jacobs heeft gepubliceerd. En Jacobs was ondergeschikt aan het Britse legerbevel, dat hervestiging van het Nederlandse gezag niet steunde. Zijn boek is te beschouwen als een boeiende persoonlijke reportage en niet als een historiewerk.

C DE JONG

Universiteit van Suid-Afrika

Overzicht van het archief van de Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging (NZAV), I. Archief NZAV, samengesteld door R C de Jong, uitgegeven door de Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging, Amsterdam, Keizersgracht 141, 1983, 169 pp., prijs niet vermeld.

Het uitbreken van de Eerste Anglo-Boerenoorlog (1880–81) in december 1880 heeft vele Nederlanders plotseling op de Boeren in Transvaal opmerkzaam gemaakt. Er zijn verscheidene pro-Boercomitees gesticht om de heldhaftige stamverwanten in Zuid-Afrika te helpen. De oorlog was gelukkig kort, maar na afloop daarvan in maart 1881 besloten de invloedrijkste Boerencomitees in Utrecht en Amsterdam om hun inspanningen ten behoeve van de Dietse stamgenoten voort te zetten. Zij hebben op 12 mei 1881 te Utrecht de Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) met hoofdzetel in Amsterdam opgericht. Deze vereniging is spoedig de belangrijkste niet-officiële schakel in de culturele en andere betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika geworden. Haar betekenis is gegroeid en afgenomen afhankelijk van de intensiteit van die betrekkingen, onder meer van Nederlandse emigratie naar Zuid-Afrika. Ze is nog steeds actief en van belang en heeft in 1981 haar 100jarig bestaan gevierd met een minimum aan belangstelling van de regeringen van Nederland en de Republiek Zuid-Afrika.

Naast de NZAV zijn in de afgelopen 100 jaar een vrij groot aantal tijdelijke of blijvende zuster- of dochterorganisaties voor uiteenlopende taken betreffende Zuid-Afrika gesticht. Ook hebben in tal van Nederlandse steden NZAV-afdelingen bestaan. De meeste van deze organisaties en afdelingen hebben hun papieren goed bewaard. Het kantoor van de NZAV is verscheidene malen in Amsterdam verhuisd, maar heeft al die papieren bijeen gehouden. Het is sinds 1922 gevestigd in het bekende huis Keizersgracht 141. Dat huis is al enige malen beklad door jonge progressieven.

Het archief der 100jarige NZAV en verwante organisaties is thans tamelijk omvangrijk, maar was tot voor kort slechts oppervlakkig geordend en gerangschikt en daardoor moeilijk bruikbaar voor navorsing. Het bestuur der NZAV heeft ter gelegenheid van het eeuwfeest een stipendium voor het ordenen en inventariseren van het archief beschikbaar gesteld. Dat stipendium is toegekend aan Robert C de Jong, magister in Afrikaanse en Nederlandse cultuurgeschiedenis aan de Universiteit van Pretoria. Hij heeft in twee jaar 1981–82 deze taak verricht en in december 1983 is zijn uitgebreide inventarislijst met historische inleiding en personenregister en 169 bladzijden in druk verschenen. Op deze wijze is een bijzonder belangrijke verzameling documenten over de Nederlands-Zuidafrikaanse betrekkingen en een goudmijn van gegevens voor historici ontsloten. Robert C de Jong heeft in het maandblad "Zuid-Afrika" van de NZAV in 1983 reeds enige opstellen, op zijn archiefwerk gebaseerd, gepubliceerd.

C DE JONG
Universiteit van Zuid-Afrika

ANTHONY T KRONMAN, *Max Weber*, London 1983, prys R23,75.

Die skrywer is professor in die Regte aan die regs-kool van die Universiteit van Yale. Die boek is onderdeel van 'n reeks oor juriste, nl "Profiles in Legal Theory". Gewoonlik word van Max Weber (1864–1920) in die sosiologiese teorie of die sosiale wetenskappe verneem, waarin hy as 'n intellektuele reus figureer. Weinig mense weet dat Weber as juris en wetshistorikus opgelei is. Hoewel sy hoofbelangstelling by die sosiologie lê, het hy hom sy lewelank met die reg besig gehou. In feitlik alles wat hy geskryf het, het hy na die reg verwys. Daar bestaan nie 'n enkele werk van Weber wat nie regsake aansny nie. Dit geld ook sy belangrike werk, *Economy and Society: An Outline of Interpretive Sociology* (New York 1968), wat 'n vertaling is van een van sy hoofwerke. Eers na sy dood is sy metodologiese beginsels buite Duitsland, veral in die Angelsaksiese wêreld, ontdek.

Vandag word wêreldwyd daarna verwys. Sy werk was nie sonder invloed op die wetenskap van die geskiedenis nie, om byvoorbeeld aan sy "ideaaltepes" te dink, wat veralgemening naas individualisering in ons vak gehelp bring het. Dit was veral die geval na die Tweede Wêreldoorlog. Sy bemoeïing met die samelewing geld sowel die Antieke tyd as die Middeleeue. Godsdienssosiologie, sosiale en ekonomiese geskiedenis, regsosiologie, ekonomiese leerstellinge, wetenskapsleer, politieke teorie en dies meer, word onder sy versamelde geskifte aangetref — 'n universele gees en een van die grootste sosiaal-wetenskaplikes wat deur Duitsland voortgebring is. Metodologies het sowel die geestes- as sosiale wetenskappe by sy universeel-vergelykende studies gebaat. Geen metodologiese uitsprake in moderne sin nie, of daar word na Max Weber verwys. Al handel Kronman se studie oor regsaspekte by Weber, nogtans is dit vir die geestes- en sosiale wetenskappe oor die algemeen van belang.

Die skrywer lei ons in Weber se vorming en denke in, en bied 'n analise aan van sy metodologiese grondslae. Hy ontleed wat Weber onder mag of gesag bedoel het en verduidelik sy opvatting van formele

regsrasionaliteit, vorme van kontraktuele assosiasie, die verhouding tussen reg en kapitalisme en die godsdiens en moderniteit. Kromman toon aan dat Weber se regsosiologie verband hou met ander vertakkinge van sy sosiale teorie, veral wat gesag, godsdiens en die ekonomie betref. 'n Mens dink hier aan die verband wat Weber tussen die Calvinisme en die ontstaan van die kapitalisme gelê het. Dit is 'n lesenswaardige boek wat vir die historikus ook van waarde is.

F A VAN JAARSVELD
Universiteit van Pretoria

FRANCOIS DE CALLIÈRES, *The art of diplomacy*, ed. by H M A Keens-Soper and Karl W Schweizer, Leicester University Press and Holmes & Meier, Leicester and New York, 1983, 235 pp., appendices, bibl.

The career of Francois de Callières has never achieved wide acclaim. An experienced diplomat in the service of the French king, Louis XIV, he was nevertheless overshadowed by such colleagues as Harlay de Bonneuil and Crécy. Well connected at court, he promoted the interests of his brother Hector, whose name is certainly better known to the historian as the governor-general of New France who won over the Iroquois to the discomfiture of British colonists in neighbouring New York. A man of literary tastes and a member of the *Académie française*, his eulogies on the Sun King are now forgotten and his linguistic studies, although running into several editions, were eclipsed in popularity by those of his contemporary, Dominique Bouhours.

Callières was no innovator, not even as a writer on diplomatic practice, but the subject of this text, his treatise *De la manière de négocier avec les souverains*, enjoyed a modest success throughout the 18th century and after more than a century of neglect came again to attract the attention of the political scientist and the historian. The reason is not far to seek, for this sober essay has something significant to say at more than one level, as the editors indicate (pp. 19–21). In the first instance, and this was clearly Callières' intention in writing it, the volume is an excellent guide to the traditional approach in international relations. Sir Harold Nicolson indeed described it as "the best manual of diplomatic method ever written" (quoted on p. 19). This is perhaps to go too far and to ignore its occasional banalities, but in the emphasis Callières places on the niceties of behaviour on formal and informal occasions, the book contains many wise precepts, all too often lost sight of. It is as important today as it was then, for example, to remember that "a minister ought not to be too ready to promise, but exact in performing what he has promised. A downright refusal gives less offence than a breach of promise" (p. 154).

At another level Callières provides us with a useful survey of French diplomatic practice in the 17th century, but what makes his work of particular interest is that it reflects contemporary changes in statecraft and diplomatic method. The development of a complex administrative machine in the later years of Louis XIV's reign foreshadowed the greater bureaucracy of the modern world. Government of a personal nature gave place to the formation of vast departments of state and the need for training in administration became of paramount importance. The Foreign Office and diplomatic corps were no exceptions and it is significant that Callières' essay was published at a time when France was experimenting with a political academy for the instruction of potential career diplomats. An interesting section on this "School for Ambassadors" is included here (pp. 189–218), containing some comment on Addison's scornful attack on it from a British viewpoint in *The Spectator* (19 Feb. 1712). This account of the academy's short history by Keens-Soper originally appeared in the *European Studies Review* (Oct. 1972).

A brief survey of the publishing history of Callières' work is apposite. It is evident that the treatise was written in the last decade of the 17th century, although it was not published until March 1716, possibly to avoid giving any offence to Louis XIV in his lifetime. An English edition, anonymously translated, appeared in the same year under the title *The art of negotiating with sovereign princes*. Other editions in French and English were published between 1716 and 1766, with a Russian translation in 1772. Renewed interest in Callières after World War I led to the appearance of an inadequately edited version by A F Whyte in 1919, *The practice of diplomacy*. This text was issued under a new title, *On the manner of negotiating with princes*, as a paperback in 1963.

Keens-Soper and Schweizer have sensibly returned to the first English edition of 1716 and have reproduced it with minimal alterations. The text has been provided with a critical framework which discusses both Callières' life and diplomatic theory in the 17th and 18th centuries. In addition to the appendix on the political academy, three others are included, one of which lists Callières' publications and those of his father Jacques. The editors are to be congratulated not only for reproducing a valuable text, but also for placing its author in well-defined historical perspective.

M BOUCHER
University of South Africa

F HARTOG, *De derde generatie*, Elsevier, Amsterdam-Brussel, 1983, 183 pp.

Nederland verkeert thans in diepe economische en geestelijke malaise, evenals in de jaren '30. Dat was de tijd van de Grote Depressie – “de crisis” zei men – de politieke dreiging uit het oosten en de ontwapeningsbeweging. Het huidige vaderland lijkt in vele opzichten op het toenmalige. Toen en nu heeft een Nederlandse professor een boek over de euvels van zijn tijd gepubliceerd en daarmee veler aandacht getrokken. Blijkbaar houdt het publiek wel van zo'n beschaafde boetepreek. In 1935 verscheen “In de schaduwen van morgen” van prof. J Huizinga, in 1983 “De derde generatie” van prof. F Hartog. Huizinga was cultuurhistoricus en zag de economie geheel over het hoofd. Hartog is economist en stelt de economische malaise in het middelpunt, maar geeft ook veel aandacht aan de geestelijke verwording. Het is echter jammer, dat hij op p. 23 een historische blunder begaat: hij noemt Nederland in de 17de eeuw een handelsland, geen nijverheidsland: maar Nederland was toen een eerste klas nijverheidsnatie dankzij scheepsbouw, textiel, metaalbewerking en de windmolens.

De ondertitel van Hartogs boek luidt: “Na de opbouwers en de potverteerders de generatie die alles zelf weer moet doen”. Hij prijst de eerste na-oorlogse generatie, die met hard werken en sparen het verwoeste Nederland heeft herbouwd en de industrialisatie versneld en voltooid. De grote staatsman in 1945 – 60 was W. Drees, bijgestaan door de minister van financiën P Liefinck. Tegenslagen, zoals de oorlog in Indonesië en de watersnood van 1953 werden glansrijk overwonnen. Werkgevers, werknemers en regering werkten harmonisch samen en Nederland verkreeg een uitstekende naam in het buitenland.

Hartog wijst terecht op de versnelling der maatschappelijke veranderingen na 1945, waardoor een generatie korter aan het roer dan voorheen is – ik meen 20 in plaats van 30 jaar. Kort na 1960 heeft de generatie der potverteerders de opbouwers afgelost. Deze aflossing van de wacht viel samen met de voltooiing van het na-oorlogsherstel en het begin van het welvaartstijdperk. Nederland kreeg bovendien de wind in de zeilen door het verruimen van zijn afzetgebied dankzij de instelling van de Euromarkt en de vondst van aardgas. Beide meevallers werden snel verkwist. De tweede generatie is voor Hartog de hoofdschuldige van de huidige misère in het lieve vaderland. De vertegenwoordiger daarvan is zijn “bête noire” J M den Uyl, geen staatsman, maar politicus, dat is iemand die vóór alles naar de volksgunst streeft en alleen op de korte termijn let. Hij speelde royaal voor Sinterklaas en deelde het welvaartssurplus, dat de opbouwers hadden gekweekt, gul uit. Hartog beschrijft de snelle economische en geestelijke aftakeling van Nederland tussen 1960 en '80 in striemende woorden met bijtende spot, voor een Nederlandse professor ongewoon scherp. Ik voeg aan zijn philippica de aftakeling van het Nederlandse onderwijs toe. Volgens Hartog kregen de Nederlanders de regering, die ze verdienden. De welvaart was hun naar het hoofd gestegen. Een fanatieke minderheid van politici en vakbondsbestuurders greep het roer en de meerderheid liet hen begaan.

Kort na 1960 ging het hek van de dam. De welvaart en het geld konden niet op, zo leek het. In toenemend tempo werden de welzijnsstaat en de overheidsbemoeiing uitgebreid en Nederland kreeg de uitgebreidste verzorgingsstaat van de Westerse wereld. De lonen, sociale lasten en belastingen werden steeds verhoogd en de ondernemingswinsten krompen aanhoudend. Het aardgas werd gekoppeld aan de aardolieprijzen en de regering profiteerde het meest van het aardgas, het bedrijfsleven veel minder. Nederland werd een land met hoge in plaats van lage produktiekosten.

Door de verlinking van de politiek en vakbonden veranderde ook het geestelijk klimaat. Het stellen van eisen verdrong het besef van plichten, spijlucht spaarzaamheid, wantrouwen jegens de werkgevers het vertrouwen, minachting van winststreven waardering van de ondernemer, bandeloosheid ingetogenheid, ijelhoofdig idealisme in de politiek nuchter werkelijkheidsbesef, preken tot andere volken – vooral de blanken in Zuid-Afrika – besef van eigen tekortkomingen, onverdraagzaamheid de nog steeds geroemde Nederlandse verdraagzaamheid, samengaan van aanhangers van uiteenlopende levensbeschouwingen in de politiek, de vakbeweging en zelfs kerken veilige afzondering binnen verzuilde groepen, horizontaal Christendom belijden met de blik naar de hemel, sociaal evangelie de voorbereiding voor het hiernamaals, afgunst solidariteit, kribbigheid arbeidsvreugde.

Ik merk bij deze opsomming van geestelijke verwording door Hartog op, dat zij in de grote steden en het westen van Nederland erger lijkt te zijn dan in de overige streken.

Buitelandsers uiten gewoonlijk waardering en respect voor de Nederlanders, als dezen goed presteren, verwondering en spot als dezen zich als Jan Salies gedragen. Dat geldt ook voor de tijd na 1945. Sinds enkele jaren spreekt men algemeen van “the Dutch disease”. Deze ziekte komt tot uiting in de grote werkloosheid in Nederland, nu de grootste in Europa, en is het gevolg van de hoge kosten van de arbeid. De omvangrijke uitvoer van aardgas heeft de koers van de Nederlandse gulden hoog gehouden. Om de overige uitvoer te handhaven hadden de kosten van de arbeid moeten dalen. Ze zijn daarentegen verder opgedreven. Men zou de “Dutch disease”, door Hartog als economisch verschijnsel beschreven, ook kunnen toepassen op het Nederlandse geesteklimaat.

De splende internationale depressie, welke omstreeks 1975 is ingetreden, heeft Nederland bijzonder zwaar getroffen, omdat dit land zijn arbeidskostenvoorsprong, door de opbouwers behaald, en zijn

concurrentievermogen heeft verkwaam. Na de potverteerders kom nou die derde generasie aan het roer, maar na het zaaien en oogsten van die voorgaande jare moet zij ploegen op die kale rotsen, skryf Hartog. Zij vind achter die Nederlandse trapgevelfasade van verbleekte welvaart en prestige slechts holle, gepleisterde graven, een dolgedraaide welzinsstaat en een ondermijnde volkshuishouding met bedorven mentaliteit en een enorm finansieringstekort der regering. Het feest van die welvaart is voorbij, die kater heeft sich gemeld. Die huidige depressie dwing regering en volk tot versobering en harder en beter werken. Dat veroorzaak natuurlik pijn en vergrote kribbigheid.

Hartog is in wezen optimisties oor die toekomst. Hij meent, dat die uitpattingen tussen 1960 en '80 een tijdelike afwijking van die ware Nederlandse mentaliteit van zuinigheid en vlijt zijn geweest en dat het gezonde verstand zal terugkeren en die Nederlanders weer tot hun zinnen zullen komen. Hij heeft vertrouwen in die derde generasie, die het puin en gif van die welvaartsjare moet opruimen en in vele opzichten nieuw moet beginn. Hij vertrouwt, dat die snelle industriële revolusie na 1945, welke thans massale werkloosheid veroorzaak, op den duur die volledige werkloosheid zal herstellen, evenals na voorgaande industriële revolusies is gebeurd. Hij acht natuurlik verdwijning van die betweterige werelddhervormers onder die politici en vakbondsleiers van die tweede generasie van verkwaamers noodzakelik. Wij hopen, dat hij gelik zal krijen, al zit het Nederlandse volk diep in die put, want die neergang van het vroegere vaderland gaat ons aan het hart.

C DE JONG

Universiteit van Suid-Afrika

NICOLAS MANSERGH, *The Commonwealth Experience*, Macmillan, Londen, ens., 1982, twee volumes, xii + 275 pp., + 299 pp., twee kaarte, register, bronnelys, R26,55.

Hierdie publikasies wat in 1969 tydens die eerste uitgawe as een band verskyn het, is hersien, uitgebrei en op datum gebring en verskyn tans in twee bande.

Die skrywer, die eerste Smuts Professor van die Geskiedenis van die Britse Statebond aan die Universiteit van Cambridge, is by uitstek geskik om die onderwerp te behandel en die gevolg is 'n breedvoerige beskrywing van die lotgevalle van die Britse Ryk wat tot die veelrassige Statebond ontwikkel het.

As vertrekpunt besluit die skrywer op die Durham-verslag van 1839 waarna hy die oorspronklike self-regerende kolonies, te wete Kanada, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland se geskiedenis behandel deur 'n ontleding te maak van hul weg na selfregering. Vervolgens kyk die skrywer na die verhouding tussen die self-regerende kolonies en Brittanje, veral met verwysing na die Imperiale konferensies wat tot 1911 gehou is.

Deel twee van die eerste band wys op die veranderinge wat in die verhouding tussen Brittanje en die kolonies intree as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog. Met die sluiting van die Anglo-Ierse Verdrag word die eerste band beëindig.

Die tweede band val in drie dele uiteen. Aanvanklik behandel die skrywer die periode tussen 1921 en 1947 met verwysing na die dominiums se pogings om hoër status te verkry. 'n Ander onderwerp wat ondersoek word, is die Britse Statebond se verhouding met die opkomende Nazi-Duitsland, asook die keuse tussen oorlog of vrede gedurende die laaste dertigjare. Twee uit die vier hoofstukke word aan Indië bestee.

Ten spyte van die feit dat Indië oorspronklik as een van die belangrikste kolonies beskou is, is daar geen selfregering aan die land toegeken nie, hoofsaaklik omdat die inwoners nie-Europees was. Gevolglik was die Britse regering aanvanklik onseker of hy wel aan Indië volledige dominium-status sou verleen. Die suksesvolle pogings in die Indiese subkontinent om onafhanklikheid gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog te bekom, word in die tweede hoofstuk beskryf.

In die volgende afdeling bereik die Statebond volgens die skrywer sy hoogtepunt. Ierland aanvaar 'n republikeinse staatsvorm buite die Statebond, maar Indië word 'n republiek binne die Statebond. Daarna word die Statebond 'n uitgebreide, veelrassige organisasie waarin Brittanje hom van sy koloniale ryk onttrek en die nuwe onafhanklike state vrywilliglik tot die Statebond toetree. Die hoogtepunt lê vir die skrywer daarin dat alhoewel nasionale, geografiese en politieke strominge gedreig het om die Statebond te vernietig dit nie gebeur het nie, ten spyte van faktore soos byvoorbeeld die Suez-krisis van 1956, Suid-Afrika se rassebeleid, Brittanje se hantering van die Rhodesiese kwessie, ensovoorts, waarin Statebondslande se gesigspunte soms reëlreg teenoor mekaar gestaan het.

In die derde afdeling van band twee word 'n terugbeskouing oor die hele tydperk gegee. Die geskiedenis van die Statebond is 'n suksesverhaal, hoofsaaklik omdat nasies met so 'n wyd-uiteenlopende verlede van oor die wêreld vrywilliglik saamwerk. Die aanvanklik-saambindende faktore wat die Britse Ryk bymekaar gehou het, naamlik onderhorigheid en getrouheid aan die Britse regering en na die Eerste Wêreldoorlog aan die Britse Kroon, maak plek vir gemeenskaplike belange op sosiale, ekonomiese en opvoe-

dingsterreine. Die skrywer gee dus 'n uiteensetting van die geleidelike verandering in die status en saambindende aard van die lede.

Prof. Mansergh beskou Jawaharlal Nehru as die grootste Statebondsleier, aangesien hy, ten spyte van tekortkominge, 'n verpersoonliking is van die nuwe Statebond. Twee ander persoonlikhede, Jan Smuts en Mackenzie King, se kandidatuur staan nie so sterk nie, aangesien hul tot 'n vroeëre periode behoort en dus nie as verpersoonliking van die na-oorlogse kragte beskou kan word nie.

Dit is nie te betwyfel dat die boek 'n standaardwerk oor die onderwerp is nie. Veral die verloop van die Statebondsbyeenkomste en die gebeurtenisse wat tot die verskillende lande se standpunte by die byeenkomste gelei het, word duidelik aangedui. Die geskiedenis van die koloniale stigterslande is egter slegs oorsigtelik. Die skrywer onderskei byvoorbeeld nie tussen die vrystelling van die slawe as sulks en die wyse van vrystelling as 'n moontlike oorsaak van die Groot Trek nie. In strydpunte tussen Boer en Brit, skeep hy die indruk dat hy nie goed op hoogte is omtrent die Boerestandpunt nie, byvoorbeeld die invoer van wapens in die Transvaal na die voltooiing van die Oosterspoor, die Uitlanderagitasie om stemreg, ensovoorts. Sulke leemtes kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die skrywer nie 'n uitgebreide werk wou rek met besonderhede wat eintlik, streng gesproke, nie tot die sentrale tema behoort nie.

Oor die periode na die Tweede Wêreldoorlog het die skrywer meer van primêre bronne gebruik gemaak. In teenstelling met die toetreding van Indië en Pakistan tot die Statebond, word oor die dekolonisasie van die Afrikastate en ander kolonies minder gesê, terwyl die na-onafhanklikheid-gebeure in die onderskeie state, byvoorbeeld die Biafraanse oorlog, die Amin-oorloë in Oeganda, die val van Nkrumah, ensovoorts, skaars genoem word. Moontlik meen die skrywer dat binnelandse aangeleenthede buite die sfeer van sy sentrale tema val. Hy bespreek weliswaar 'n "tydperk van ontnugtering", maar behandel daaronder die Verenigde Koninkryk se nouer bande met Europa en die Verenigde State van Amerika in die vorm van lidmaatskap van die Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark en die Noord-Atlantiese Verdrag-Organisasie. Die Afrikastate se lidmaatskap van die Organisasie van Afrika-teenheid en Australië se nouer verbintenis met die Verenigde State van Amerika dui die uiteenlopende politieke verbintenisse binne die Statebond aan.

Die taal is pittig, die inhoud interessant en, met die uitsondering van enkele leemtes, is dit 'n werk wat die moeite werd is om te besit.

T C RAUTENBACH
Universiteit van Port Elizabeth